DEUR DIE HOF: Watter tyd was dit?---Omtrent.. tussen tien en twintig oor vier.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE (Vervolg):

Ja, wat het toe gebeur?---Met 'n nota op die tas, "Binne tien minute terug". Hy het toe omgedraai en 'n end weggestap en hy het in die hoek gaan staan waar die dameshaarkappers salon is, in die binneplein van die stasie. Dit was vir my baie snaaks gewees dat 'n persoon 'n tas kom neerplaas met 'n nota op en dan weggestap en in die hoek gaan staan. 30

Dit het baie suspisies voorgekom. Ek het die tas dopgehou en ek het die manspersoon dopgehou. Tussen vyf-en-twintig oor en half het ek opgestaan en ek het.. terwyl ek hom toe dopgehou het, het hy herhaalde kere op sy polshorlosie gekyk. Tussen vyfen-twiintig minute oor vier en half het ek opgestaan om die spoorwegbus te gaan haal. Ek was net buitekant die glasdeure toe die geweldige ontploffing afgegaan het, en toe ek omdraai.. toe ek weer die glasdeure oopmaak om weer in die binneplein te verskei en kyk waar daardie persoon gestaan het, toe was hy nie meer daar nie. 10

Nou, het u 'n goeie geleentheid gehad om die persoon te sien?---Meneer ja. Ek het net langs die vuilgoedblik om daardie betrokke bank gesit waar die tas geplaas was, en...

En hoever was u van die persoon af?---Meneer, omtrent vier treë.

En kan u onthou hoe hy aangetrek was?---Ja.

Kan u vir ons dit beskryf?---Meneer, hy het 'n bruinerige pak klere aangehad. Nie heeltemal bruin nie. So.. ek weet nie die kleur nie, maar ek weet dit was 'n bruinerige pak klere gewees, met 'n wit hemp, en 'n das wat amper 20 dieselfde kleur is as die pak klere, en 'n bruinerige paar skoene. Tussen bruin en swart was dit gewees.

Het jy sy gesig gesien?---Ja, Meneer.

Het jy 'n goeie geleentheid gehad om sy gesig gesien te kry?---Nogal.

Op een September van dié jaar in die voormiddag, omtrent tienuur was u gevra om 'n uitkenningsparade by te woon op die Johannesburg Stasie?---Dit is reg.

Was u na 'n kamer toe geneem?---Ja.

Was daar ander persone teenwoordig gewees?---Net 30

met 'n speurder.

Niemand anders was by nie?—Nee, Meneer.

U was dan alleen in die kantoor gewees?—Dit is reg.

En na 'n rukkie was u na 'n ander kamer geneem?—Dit is reg.

En u is gevra om die uitkennings parade by te woon in daardie kamer?—Dit is reg.

Toe hulle die parade opgestel het het u die geleentheid gehad om die parade te sien?—Ja. 10

Alvoereus jy in die kamer ingeneem is?—Nee.

Jy is toe ingeneem en jy is verso ek om die persoon uit te wys wat u op die 24ste van Julie sou gesien het?—Ja, Meneer.

As hy daar is op die parade?—Ja, Meneer.

Wat het toe gebeur?—Wel, die persoon wat in beheer gewees het van die uitkenningsparade het toe vir my voorgelees of ek die betrokke persoon onder dieklomp persone wat teenwoordig gewees het by die uitkenningsparade daar teenwoordig is, en as hy dan wel daar teenwoordig is, dan moet ek net my regterhand op sy skouer plaas.

Wat het u toe gedoen?—Wel, ek het by die boonste persoon begin, en ek het afgebeweeg, stadig, en elkeen reg tot onder uit, en toe ek voor die manspersoon kom het ek hom 'n rukkie aangekyk, en ek het verbygestap, en weer toe teruggekom en toe was ek 'n 100% seker gewees, dat hy dieselfde persoon is wat ek gesien het op die 24ste Julie op die stasie, wat die tas neergeplaas het.

Ek wys u 'n foto van die parade wat gemerk is 29
Bewysstuk "G(3)" - is dit 'n foto van uself?—Dit is reg.

En die persoon wat u uitgewys het?---Ja, Meneer.

Wie is daardie persoon wat u uitgewys het?---Meneer, soos ons nou in die koerante gesien het, sy naam, John Harris.

Sien jy hom vandag hierso?---Ja, Meneer.

Is dit die beskuldigde?---Ja, Meneer.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

DEUR DIE HOF: Watter werk doen u?---Ek is 'n stoorman by die A.P.K.

MR. MOODIE: The following witnesses are mostly police officials from the railways, in regard to the movements prior to the 10 parade, and the keeping of the witnesses separate, and their conduct to the room where the parade was held.

JAN ADRIAAN VENTER (Verklaar onder ee.):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is Speurder Hoof Konstabel in die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie te Johannesburg?---Dit is so.

Op 1 September het in u... het u opdrag ontvang in verband met die begeleiding van getuies na 'n uitkenningsparade?---Dit is so, U Edele.

Het u enige belang in die ondersoek van hierdie saak?---Ek het geen belang met die ondersoek van hierdie saak nie. 20

Waar het u stelling ingeneem?---Ek het stelling ingeneem by kamer 57, Stasie Gebou, Johannesburg.

En wat was u pligte gewees in verband met die parade?---Ek het opdrag gekry om sekere getuies van verskillende kantore te lei na kamer 57 toe.

Het u die twee getuies wat nou getuienis afgelê het, Mev. Fogwill....---Ek het Mevrouw Fogwill gevind in Kamer 35 by Luitenant Gerber, en haar begelei tot voor die 30

deur van kamer 67.

Aan wie is sy toe oorhandig?---Sy is toe ingelaat in kamer 67.

En toe sy uitgekom het?---Is sy oorhandig aan Speurder Hoof Konstabel van Heerden.

En Mnr. Jansen?---Ek het hom gevind in Kamer 57 by Speurder Konstabel Smit.

En toe?---Ek het hom ook begelei na Kamer 67. By die deur is hy ingelaat, en ek is buitekant gelaat.

En na hy uitgekom het?---Toe is hy oorhandig aan Speurder Hoof Konstabel van Heerden. 10

Nou, hierdie twee kamers, waar Mnr. Jansen en Mev. Fogwill was, hoever is hulle van Kamer 67?---Dit is 'n hele distansie. Ek kan nie presies die distansie sê nie, maar dit is 30 treë, of so.

Was hierdie twee persone alleen in die kamers gewees?---Hulle was alleen gewees, ja.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

OCKERT JOHANNES VAN HEERDEN: (Verklaar onder eed):

20

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

Speurder Hoof Konstabel, in die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie, Johannesburg?---Dit is reg.

Op 1 September van die jaar het u opdragte ontvang in verband met 'n uitkenningsparade?---Dit is reg.

Het u belang in die ondersoek van die saak?---Geen belang in die ondersoek gehad nie.

En wat was u pligte gewees?---Om met die getuies sodra hulle uit die uitkenningsparadekamer kom, afsonderlik na 'n ander vertrek te vergesel.

En wat het u toe gedoen in verband met die twee

30

getuies, Mev. Fogwill en Mnr. Jansen?---Ek het hulle vanaf kamer 67 Noord Stasie Gebou na Kamer 3 van dieselfde gebou gelei.

Dit is na die uitkenningsparade?---Dit is na dit.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

JOHANNES HENDRIK NEL (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

Speurder Konstabel in die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie Johannesburg?---Dit is reg.

Op 1 September van hierdie jaar was u aan diens 10
gewees by die stasie in verband met die uitkennings parade?
---Dit is reg.

Wat daar in kamer 67 gehou was?---Dit is reg.

Het u belang in die ondersoek van hierdie saak?---
Nee, Edelagbare.

En wat was u pligte gewees?---Ons het die beskuldigde begelei van kamer 16(b) af om 9.50 v.m. na Kamer 67 vir die uitkenningsparade.

Watter roete is gevolg?---Ons het in die gang afgeloop na kamer 67. 20

Sou die ander getuies wat in die ander kamers was, sou hulle geleentheid gehad het om hierdie persoon te sien?
---Nee, Edelagbare.

Hoekom nie?---Hulle was in aparte kantore gewees.

MNR. MOODIE: Was die deure toe?---Ja, hulle was toe gewees.

MNR. MOODIE : Geen verdere vrae.

DENISE CRONJE (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE: 28

Speurder Konstabel, Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie

Johannesburg?---Korrek.

Het u enige belang in die ondersoek van hierdie saak?---Nee, Agbare.

Wat was u dienste gewees in verband met die uitkenningsparade wat daardie dag gehou is?---Ek het die blanke persoon begelei vanaf kamer 16(b) na kamer 67 waar die uitkenningsparade gehou was, en daar het ek hom bewaak daar terwyl die uitkenningsparade aan die gang was.

Is die beskuldigde die persoon wat u begelei het?
---Dit is die beskuldigde, Edelagbare.

10

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

IGNATIUS PETRUS PRETORIUS (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

Speurder Konstabel in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie?---Ditis reg.

En amptelike fotograaf?---Dit is reg.

Op 1 September, het u opdrag gekry om fotos te neem van 'n sekere uitkenningsparade?---Ja, Edelagbare.

Wat het u gedoen?---Ek het die parade soos opgestel op foto nommer (1) gefotografeer.

20

Bewysstuk "G(1)", ja.---Al die persone op die foto kom duidelik uit op die foto. Daar was 13 op die parade.

Dan "G(2)" - wat dui dit aan?---"G(2)" dui aan waar 'n dames getuie die beskuldigde uitwys met haar hand op beskuldigde se skouer.

Ja? Dan "G(3)" ?---"G(3)" toon aan waar 'n mansgetuie die beskuldigde uitwys met sy hand op beskuldigde se skouer.

Ja, en dan? Foto nommer (4)?---"G(4)" toon aan waar beskuldigde verwissel het van staanplek. Hier het hy

30

I.P. PRETORIUS.

P.J. STOMANN.

J.H.S. SNYMAN.

posisie nommer 13 ingeneem op die parade J.J. SMIT.

Dit toon dan al die persone wat aan die parade was.

---Dit toon aan al die persone wat aan die parade was, ja.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

PIETER JACOBUS STOMANN (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is 'n Speurder Konstabel in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie?---Dit is reg.

Johannesburg?---Dit is reg.

Op 1 September van hierdie jaar het u 'n sekere op- 10
drag gekry, en u het toe vir Mev. Fogwill gaan haal?---Dit
is reg, Edele.

En haar geneem na die stasie toe?---Dit is reg.

En u het haar oorhandig aan wie?---Aan Kaptein
Scheepers, Edele.

Het sy 'n geleentheid gehad om die beskuldigde te
sien, sover u weet?---Nie sover ek weet nie, Edelagbare.

Het u geweet waar die beskuldigde was?---Nee.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

JOHANNES HENDRIK STEFANUS SNYMAN (Verklaar onder eed):

20

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

May this witness stand down, my lord. I don't
think it will be necessary to burden the record with a
duplication of evidence?

BY THE COURT: Well, you can consider your position afterwards.

JOHANNES JACOBUS SMIT (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is 'n Speurder Konstabel in die Suid-Afrikaanse 28

Spoorweg Polisie, Johannesburg?---Dit is reg.

Op 1 September het u opdrag gekry om die getuie Mnr. Jansen te gaan haal by sy werk?---Dit is reg.

En waar het jy hom toe geneem?---Ek het Mnr. Jansen geneem na Kamer nommer 57, op opdrag van Kaptein Scheepers.

En aan wie het u hom oorhandig?---Ek het hom aan Kaptein Scheepers oorhandig.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.
))-----((

NICOLAAS MARTHINUS FERREIRA GERBER (Verklaar onder eed): 10

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is Luitenant, in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie, Johannesburg?---Dit is reg.

Het u belang in die ondersoek van hierdie saak?---
Geen belang nie.

Op 1 September, van die jaar, ongeveer 9.20 v.m., het Speurder Konstabel Stomann Mev. Fogwill aan u oorhandig? ---Dit is so, U Agbare.

Waar was dit gewees?---Dit was in die Noord Stasie Gebou, op Johannesburg Stasie, Kamer 35. 20

Wat het toegebeur, Luitenant?---Ek was gevra om Mevrouw Fogwill in my kantoor te hou, en toe te sien dat geen persone enige onderhoud met haar voer.

En toe het niemand met haar gepraat of toegang gehad tot haar?---Gedurende die tyd wat sy in my kantoor gewees het het ek geen persoon in die kantoor toegelaat nie, en niemand het met haar gepraat nie, Edelagbare.

Het iemand haar toe kom haal om die parade by te woon?---Dit is reg, Edelagbare.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae. 30

FLORIS VAN RENSBURG (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is Speurder Konstabel in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie, te Johannesburg?---Dit is korrek.

En op 1 September van die jaar was u op diens gewees?---Korrek.

Tussen 10 en 11 v.m.?---Korrek.

Was u in 'n kamer gewees?---Dit is korrek.

In watter kamer was u?---Kamer 3, Noord Stasie Gebou.

Wat het gebeur?---Daar is persone wat 'n uitkennings-10 parade bygewoon het, daarin gebring en onder my toesig geplaas.

Is dit, onder andere Mev. Fogwill en Mnr. Jansen?
---Dit is korrek.

En wie het hulle na u toe gebring?---Speurder Hoof Konstabel van Leerden.

En het die getuies met mekaar gepraat?---Hulle het nie met mekaar gepraat nie.

Is die twee aan u oorhandig na die hou van die parade?---Dit is korrek, Edele.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

20

ARTHUR ALEXANDER SCHEEPERS (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is Kaptein in die Afrikaanse Spoorweg Polisie?
---Dit is reg.

Het u enige belang in die ondersoek van hierdie saak gehad, Kaptein?---Geen belang, behalwe dat ek die uitkenningsparade gehou het.

Nou, sal u beskryf hoe die parade gehou is, asseblief?---Ek het opdrag tee gekry om die uitkenningsparade te hou op 1 September, hierdie jaar. Ek het twee dae bestee

30

om getuies te kry wat naastenby ooreenstem met die beskuldigde, nadat ek hom in die gevangenis hier op Pretoria kom sien het. Die beskuldigde het aangekom om 9.05 voormiddag by die nie-blanke stasie Johannesburg, waar ek hom persoonlik gaan ontmoet het, en onder geleide na 'n kantoor geneem het. Op daardie stadium was daar nog net een getuie in die gebou, naamlik Martin Dale(?). Hy was in Kamer 59 onder toesig van Speurder Konstabel Snyman. Na die beskuldigde aangekom het het daar nog ses getuies aangekom wat ek met aankoms elkeen na 'n aparte kantoor geneem het, en hulle onder toesig van 'n polisie beampte geplaas het. Om 9.50 v.m. het ek die parade opgestel bestaande uit 12 persone. Mnr. Marthinus C. Barnard, 31 jaar, dosent, Gloverlaan 207, Lyttleton....

10

DEUR DIE HOF: Is dit nodig dat hulle name uitgelees word?

MNR. MOODIE: Ek sal die Kaptein vra om die parade te identifiseer by wyse van die fotos. Dit is nie nodig om al die name uit te lees nie. Ek sal mettertyd die foto aan u wys vir identifikasie.

DIE GETUIE: Goed!! Om 10.05 v.m. het ek die beskuldigde onder begeleiding na die kantoor gebring waar die parade gehou is, en ek het hom gevra of hy tevrede was met die samestelling daarvan, en hy het bevestigend geantwoord. Ek het hom gevra om enige posisie op die parade in te neem. Hy het toe posisie nommer 7 tussen die 12 persone ingeneem. Ek het toe die eerste getuie laat haal, deur Speurder Hoof-Konstabel Venter. Dit was 'n Mej. Bezuidenhout van 6de Laan 142, Roodepoort. Sy was nie in staat om enige persoon op die parade uit te wys nie. Die tweede getuie was Mevrouw Johnson, Tree Tops, Henley-on-Klip, Johannesburg. Sy was ook nie in staat om enige getuie.. om enige persoon uit te wys nie.

20

30

Die derde getuie wat ek laat haal het was Mnr. R.B. Williams, Innesstraat 80, Parkhurst, Johannesburg. Hy was ook nie in staat om enige persoon op die parade uit te wys nie. Die vierde getuie was Mev. M.J.M. Fogwill. Sy het die beskuldigde hier teenwoordig uitgewys. Ek sal later vir die Hof die sin wat ek aan haar uitgelees het, waarom ek haar vra om 'n persoon uit te lees, voorlees... ekskuus, uit te wys, voorlees. Getuie/^{nommer 5}was Mnr. F.A.J. Jansen, Standplaas 1020, Kenneth Gardens, Johannesburg. Hy het ook die beskuldigde uitgewys, terwyl hy nog in posisie nommer 7 was. Na elke 10 getuie het ek hom die geleentheid gebied om te wissel, maar tot op daardie stadium het hy verkies...

DEUR DIE HOF: Wie was die getuie?---Jansen. Na hierdie getuie die beskuldigde uitgewys het, het hy verkies om van posisie te verander, en hy het toe posisie nommer 13, die heel laaste op die parade, ingeneem. Toe was die volgende getuie ene Martin Dale, 'n jong seun van 16 jaar, Roskin Heights, nommer 11, Rolman Straat, Florida(?). Hy het ook die beskuldigde uitgewys. Die 7de en laaste getuie was John Ndlele(?), 'n Bantoeman van 2456 Rockwel Lokasie, en hy was nie in staat om enige persoon op die parade uit te wys nie.

Wat was sy naam?---John N.D.L.E.L.A. Edele.

MNR. MCLODIE: Ja?---Die getuies was die volgende voorgelees - die presiese geskrif wat ek in my hand het. Mev. Fogwill het ek aan haar gestel "Mevrou Fogwill, sal u asseblief langs die ry persone wat hier staan op en neer loop en al die persone aandagtig bekyk, en indien die persoon wat u ongeveer 4.28 n.m. op 24 Julie 1964 by die glasafskorting skuiling by peronne 5 en 6 te Johannesburg Stasie gesien het 30

en wat in 'n gebukkende houding by die bankie gestaan het, en na ongeveer een of een en 'n halwe minuut, weer geloop het, hier teenwoordig is, en u hom herken, sal u hom dan asseblief aanwys deur u hand op sy skouer te plaas." Ek het aan die getuie toe gestel dat sy op en af langs die ry persone moet loop en kyk of sy so 'n persoon herken. Sy het toe die beskuldigde uitgewys deur haar hand op sy skouer te plaas en ten tye waarvan daar 'n foto geneem was van die parade. Aan Mnr. F.A.J. Jansen het ek die volgende gestel: "Mnr. Jansen, sal u asseblief langs diery persone wat hier staan op en neer 10 loop en al die persone aandagtig bekyk en indien die persoon wat u op 24 Julie, 1964, om ongeveer 4.20 n.m. gesien het wat 'n reiskoffer in die regterkantste hoek van die glasafskorting by die ingang na peronne 5 en 6 van die Johannesburgse Spoorweg Stasie neergesit het, hier teenwoordig is, en u hom herken, sal u hom dan asseblief aanwys deur u hand op sy skouer te plaas." Mnr. Jansen het opgestap, langs die ry, en hy het sy hand op beskuldigde se skouer geplaas en hom uitgewys.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE (Vervolg):

20

Kaptein, is dit fotos wat geneem is van die parade? "G(1)" tot (4)?---Dit is korrek.

En die persone wat u gemeld het, Mev. Fogwill en Mnr. Jansen, hulle kom voor op daar?---Verskyn op die foto.

En die plan?---Hierdie is 'n plan van die polisie kantore op Johannesburg Stasie waar die parade gehou was.

Dit wys ook die verskillende kantore waar die getuies apart gehou was?---Apart gehou was asook waar die parade gehou was, waar die beskuldigde was, en waarheen die getuies, na die parade, geneem was.

30

Dit sal Bewysstuk "A(4)" wees.

MNR. MOODIE: GEEN verdere vrae.

WILLEM HERMANUS BRITS (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is Majoor in die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisie te Johannesburg?---Dit is reg.

Sal jy net vir die Hof vertel...?---Edelagbare, op die 24ste Julie, hierdie jaar, as gevolg van 'n rapport wat ek ontvang het, het ek na die Johannesburg se spoorweg stasie gegaan. Daar aangegaan het ek in die hoofportaal 'n same- 10
dromming van persone aangetref. Ek het nader gegaan, ondersoek ingestel, en ek het verskeie persone gesien wat volgens my oordeel ernstig beseer gewees het. Dit het voorgekom asof die persone hoofsaaklik aan brandwonde lei, maar ek het ook bloed gesien. Daar was persone toe alreeds besig om eerste hulp en diesmeer toe te pas. Ek het verder ondersoek ingestel, en ek het gevind dat by die ingang na peronne 5 en 6 was daar 'n glasafskorting - 'n soort van wagkamerskuiling aan die weste kant, en binne in die afskorting het daar 'n, volgens my oordeel, het daar 'n ontploffing plaasgevind. 20
Want die muur aan die noordekant - dit is 'n betonmuur - was daar in 'n gat van omtrent 8 duim in darsnee gewees, die hout banke wat binne in die skuiling gewees het was erg verbrand en stukkend gewees, al die glaspanele was stukkend, die dak van die afskorting was erg verbrand gewees, en die wêreld het bestrooi gelê daarso van stukke reistasse en glas en omtrent enige soort artikel wat 'n mens aan kan dink. Ek het toe onder die puin begin soek, en daar het ek toe op sekere bewysstukke beslag gelê. Ek het 'n staat daarvan voorberei.

Wat is dit?---BEWYSSTUK "D(1)". Hier is afskrifte 30

beskikbaar, vir die Hof. Die bewysstuk nommers is aangebring. Nou, daar was stukke plastiese houers, wat voorgekom het as stukke van 'n plastiese houer. Dié was swart verbrand gewees. Ek kon uitmaak daar was 'n handvatsel. (Getuie identifiseer bewysstukke wat voor die Hof lê). Hier is ^{te} stukke wat voorgekom het 'n oranje kleurige prop(?) / gewees het.

Dit is Bewysstuk "1"?---Ja, dit is Bewysstuk "1".

Dan het ek daar 'n klomp stukke goed opgetel wat vir my voorgekom het oorblyfsels van elektriese batterye te wees. Dit is soos die goed gelyk het. Dit is Bewysstuk "3". DAAR 10 was verder stukke wat voorgekom het stukke van 'n reistas te wees. Dit was stukke fibre van hierdie tipe (wys aan Hof). Dit is Bewysstuk "4(a)".

Ja? (a), (b), (c) en (d)?---Ja, dan was daar die metaal gedeeltes. Hierdie handvatsel op een van die fotos is hy sigbaar. Hy het bo in die dak vasgesit. Ook stukke material - naelfeil, oorbelle, en 'n stuk ritssluiters was ook daar opgetel, en stukke van die pleister is ook opgetel. Ek het ook daar opgetel 'n stuk hout wat voorkom 'n gedeelte van die bank te gewees het. Dan het ek 'n metaal voorwerp 20 wat voorgekom het as by die agterste dop van 'n horlosie ... of hy soiets kon wees. Hierdie gedeelte (wys) het ek opgetel. Dit is bewysstuk "7". Ek het ook die binnewerk van 'n horlosie daar opgetel. Dit is hierdie gedeelte. Dit is bewysstuk "7(a)". Daar was ook hierdie gedeelte, wat gewoonweg in 'n sak horlosie verskyn - om die ketting vas te maak, en ook stukkies metaal van 'n horlosie.. Ek het ook 'n stukkies elektriese draad daar opgetel - Bewysstuk "10". Hierdie gedeelte. Dit is gewone elektriese draad met bruin plastiek. Dan het ek... en 'n verbrande stuk reistas. 30

Hierdie een, Bewysstuk "12".

Na aanleiding van die handvatsel wat u in besit geneem het - kom dit voor op die foto?---Dit is korrek.

Bewysstuk "B(6)".---Edelagbare, op die more van die 25ste Julie, om ongeveer 9;v.m. was ek saam met Luitenant Vander Merwe en Victor en ander lede van die mag na 'n adres, te 43 Oxfordstraat Foresttown. In 'n kelder daar was daar reiskoffers gevind met inhoud. Ek het onderskeidende merke aangebring op die reiskoffers op die toneel aangebring, van die inhoud, en van die items wat daar gevind is, asook 10 'n Staat gemaak van wat die inhoud daarvan is. Die staat is hier beskikbaar - dit is Bewysstuk "D(2(" Ek het afskrifte beskikbaar van wat die inhoud gewees het. Daar was een, soos wat jy inkom by die deur van die kelder by die adres 33 Oxfordstraat, Foresttown, op die regterkant, langs die deur was daar reistasse opmekaar gestapel gewees. Die heel boonste reistas het ek gemerk met die letter "O" . Op daardie stadium, nadat ek hom oopgemaak het... Dit is Bewysstuk "16" - nadat ons hom oopgemaak het was daar volgens my me ning nie iets in van veel belang sover ons aan betref nie, 20 en ek het nie van sy inhoud op daardie stadium 'n lys gemaak nie, maar wel later. Ek kan dit nou voorlees..

DEUR DIE HOF: Is dit van belang in hierdie saak?---Nee, dit is nie, Edelagbare. Onder daardie reistas was daar een groot bruin reistas. Ek het die nommer (1) op hom aangebring. Dit is Bewysstuk "17". In hierdie reistas was daar 'n kleinder blou reistassie gewees waarin 39 stokke dinamiet van 8 duim elk in 'n wit plastiese sak gevind gewees het.

VERHOOR DEUR MNR. NOODIE (Vervolg:) "17(a)"?---Ja, Edele.

Daar was ook een wit plastiese kan met 'n geel prop - omtrent 'n 5 gallon grootte, in die koffer gewees. Bewysstuk "2". Dan was daar twee groen flitsligte, Bewysstuk "17(b)". Dan was daar twee pakkies elk bevattende vier batterye, toegedraai in masking tape, wat bruin elektriese drade lei met twee female elektriese female proppe - Bewysstuk "17(c)". Verder was daar twee elektriese proppe - een "male" en een "female" - Bewysstuk "17(d)". Dan was daar sewe booby trap ignitor switches. Bewysstuk "17(e)". Hierdie tipe. Dan was daar een deurskynende plastiese sak, "17(f)". Onder hierdie reistassie, Edele, was daar 'n vaalgrys reistas waarop ek die nommer "2" aangebring het, Bewysstuk "18". Daar was 'n plastiese sak binne in die reistas gewees waarin 10 stukke cortex gevind gewees het. Dan was daar 'n plastiese sak in...

DEUR DIE HOF: Wat is die cortex?---Hulle is vernietig - dit is 'n springstof. Ek weet niewat is die Afrikaanse benaming daarvoor nie...

DEUR ASSESSOR: MNR. HART: Word dit gebruik om dinamiet te laat ontplof? ---Hy kan moontlik daarvoor ook gebruik word, maar hyself het 'n geweldige plofkrag, Edele. Dan was daar een plastiese sak met boeke en dokumente. Dié plastiese sak met die boeke en dokumente is ongelukkig.. hulle is in besit van Luitenant Victor.

MNR. MOODIE: Hy sal hulle inhandig. Dit word Gemerk "18(b)".---Binne in hierdie reistas was daar een vaal sagbedekte reistas. Bewysstuk "18(c)". In die sagte deksel reistas was daar een handoek, Bewysstuk "18(d)", 11 kerse dinamiet van 8 duim lengte in 'n plastiese sak - die is ook verwyder deur die inspekteur van plofstowwe en hy het dit vernietig. Dan was daar 'n ander plastiese sak met 32 kerse 30

dinamiet in, wat ook verwyder gewees het deur die inspekteur van onploffbare stowwe. Een plastiese sak met tien doppie lonte (?). Die inspekteur van plofbare stowwe het dit ook verwyder, en vernietig, maar die oorblyfsels het hy teruggebring, en dit is Bewysstuk "18(e)". Dan was daar 'n pakkie met tien lont aanstekers - cheesa sticks, gewoonweg genoem. Dit is Bewysstuk "18(f)". Drie elektriese aanstekers vir brand (?) - Bewysstuk "18(g)". Dan was daar tien elektriese vertraging springdoppies(?) en sestien elektriese springdoppies, wat onmiddelik afgaan. Dan nadat dit vernietig was 10 het ons die drade teruggehou, en dit is wat nou hier is. Dan was daar drie Westclock sakhorlosie, Bewysstuk "18(j)". en hulle is nog in die kartonnetjies waarin hulle gekoop word. Dan was daar twee Westclock horlosies wat voorberei is - Bewysstukke 6 en 18(k). Dit is hierdie. Hierdie een is nog heeltemal in orde. Hierdie een se drade is ongelukkig af.

DEUR DIE HOF: Die minuutwyser is verwyder?---Ja. Sommige minuutwysers en sommige se uurwysers, soos ek dit gesien het. Daar was verder een botteltjie bevattende koper boutjies, 20 Bewysstuk 18(m). 'n Botteltjie bevattende koper moertjies, Bewysstuk 18(n). Dan was daar een elektriese soldeerbout, Bewysstuk 8, en een karton bevattende een rol harpuiskernsoldeersel - Bewysstuk 9. Een battery met elektriese draad aan soldeer - '18(p)'. Ongeveer twee jaart elektriese draad. '18(r)'. Onder hierdie reistas was daar 'n verdere bruin reistas . Ek het die merk nommer 3 daarop aangebring. Dit is nou gemerk bewysstuk "19". Dié het bevat twee flitsligte, een grys, en een geel - 19(a) Een wekker met elektriese draad en twee proppe - Bewysstuk 19(b). Een paar groen 30

rubber handskoene, Bewysstuk "19(c)". Een stuk perpex(?), "19(d)". Twee "male" en twee "female" elektriese proppe, "19(e)". In hierdie reistas was daar 'n kelinier blou reistas, Bewysstuk (19(e)).

DEUR DIE HOF: Is dit die een wat by die stasie was?---Nee. Hierdie reistas het bevat een geel, een oranje en een groen flitsligte - Bewysstukke "19(g)(1) en (2)". Twee rolle bruin elektriese draad, 19 (h). Vier paar handskoene, en een los handskoen Bewysstuk 19(j). Twee tuisgemaakte rytuig sleutels. 19(k). Nege "male", en 11 "female" proppe, 19(m). Een pakkie bevattende 8 penlight batterye - 19(n). Een botteltjie bevattende 8 houtproppe - 19(p). Een metaal tuisgemaakte sleutel, 19(r). Elf stukkies verwerkte perpex - 19(s). Een botteltjie bevattende "grommits(?)"

DEUR DIE HOF: wat is dit?---Dit is rubber wassertjies wat jy by 'n gaaitjie insit sodat die draad nie beskadig kan word nie. Een battery met twee elektriese drade aan solder - 19(v). 23 stukke perspex van verskillende lengtes. 19(w). Op... as gevolg van inligting wat ek van die beskuldigde ontvang het het hy my verder na 'n plek geneem by Florida meer - dit was op die 31ste van Julie, hierdie jaar. By Florida meer het hy aan my 'n plek uitgewys, en met behulp van paddamane is daar sekere items uit die water uitgehaal. Ek het 'n lys daarvan opgestel vir die gerief van die Hof. Bewysstuk "D(4)". Dit was onder andere een stukke elektriese dubbeldraad. 'n Stukkies wit tou - Bewysstuk nommer 15. Al hierdie items is Bewysstuk "15". Twee Everready battery, twee opgekoppelde batterye met twee lengtes enkel elektriese draad. Vier dubbel groen en geel lengtes elektriese draad. Een stukke deurskynende elektriese draad.

I take it that there will be evidence to show the meaning of all this.

MR. MOODIE: THIS WITNESS will be recalled on a number of other aspects later.

AT THIS STAGE THE COURT ADJOURNS FOR LUNCH.

ON RESUMING AT 2. p.m.

WILLEM HENDRIK BRITS (Nog onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE (Vervolg):

Op die 29ste...?---Ja, op die 29ste van Julie 1964 het ek aan Mnr. C.P.M. Wilcox van die Buro van Standaarde 10 bewysstukke nommers (1), (3), (4)(a)-(d), (5), (7), (D), (6) (8) en (9) oorhandig.

Op watter dag?---Die 29ste. Ek het 'n Staat opgetrek van die bewysstuk - "D(3)". Mnr. Wilcox het sommige van die bewysstukke in my teenwoordigheid oorhandig aan Mnr. de Kock, van Rooyen en Venter, van sy personeel. Op 'n later datum het ek die bewysstukke terug ontvang van mnr. Wilcox, tesame met be-eedigde verklarings van die betrokke persone van sy personeel wat navorsing gedoen het in verband daarmee. Dan op die 8ste Augustus... of of op die 6de 20 Augustus het ek bewysstukke aan Mnr. Hay oorhandig vir ondersoek - Bewysstukke (19(b) (g(2) , 19(p) 18(k), 18(m), 19(s) en 17(d). Ek het die ook op 'n later stadium van hom terug ontvang.

DEUR DIE HOF: Mnr. Hay, wie is hy?---Hy is 'n elektrotegniese ingenieur, Edele.

Is dit die ander persoon?---Ja, dit is hy.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE (Vervolg):

Is 'n fotograaf geroep, Mnr. Brits?---'n Fotograaf is geroep en Speurder Sersant Visagie het fotos geneem 30

van die bewysstukke wat ons by Oxfordstraat 33 beslag op gelê het. Op die 10de September het ek 'n sketsplan opgetrek wat die verhouding wys tussen Johannesburg stasie - die punt waar die ontploffing plaasgevind het, en Damelin College. Die afstande wat ek hier aangee is wat ek afgetree het. Dit is Bewysstuk "A(5)".

MNR. MOODIE: Geen verdere vae.

GERHARDUS JACOBUS VISAGIE (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

Jy is 'n Speurder Sersant?---Dit is reg. 10

Suid-Afrikaanse Spoorweë...?---Nee, Suid-Afrikaanse
Polisie.

Johannesburg?---Dit is reg.

En u is aaptelike fotograaf?---Dit is reg.

Op watter dag is jy versoek om..., ?---Die 25ste
Julie van hierdie jaar, Edelagbare,

Ja?---Ek was ontbied na 33 Oxfordweg, Foresttown.

Ja, wat is daar gedoen?---Daar het ek Majoor Brits,
Luitenant van der Merwe, en Luitenant Victor gekry, asook
'n inspekteur van plofstowwe, en ek was gelas om fotos te 20
neem.

Wat u toe gedoen het?---Ja, dit is reg, Edele.

Hier is 'n reeks fotos gemerk (E) (1) tot (14) -
sal u hulle net beskryf aan die Hof?---Dit is reg. Foto
(1) is 'n foto van tas in die kelder. Foto (2) - foto van
'n plastiese sak gemerk nommer (1) bevattende lont. (3) -
foto van plastiese sak bevattende lont - (4) plastiese sak
gemerk (2) bevattende lont en slagdoppies. Foto (5) - 'n
foto van oop deur van kelder. Foto (6) - foto van twee 29

plastiese sakke gemerk nommer (2), waarvan die inhoud uitgepak is. Foto (7) - foto van tas gemerk (3) wat aantoon wekker met elektriese draad verbind. Foto (8) - foto van karton bevattende dinamietkerse. Foto (... Ek sien ek het hier per ongeluk (9) uitgelaat. Dit moet (9) wees. Foto van tas met klein tas binne in. Nommer (10) - foto van tas met elektriese draad en flitslig daar binne. Foto nommer (11) is 'n foto van plastiese bottel gemerk nommer 1. Foto nommer (12) is 'n foto van 'n tas bevattende 'n kleiner tas, en elektriese apparaat. Foto nommer (13) is 'n foto van 'n tas bevattende 'n plastiese sak met dokumente. Foto nommer (14) is 'n foto van twee tasse met die volgende nommers daarop. 8289, en 9838. 10

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

MNR. REES: Kragtens Artikel 239 van die Strafproseswet lees ek sekere nou verklarings uit, en ek handig hulle in as Bewysstukke "J".(1). Dit is 'n beëdigde verklaring van Karel Theodorus Muller Wilcox. (Mnr. Rees lees uit).
"Ek die ondergetekende... (lees)....."

BY THE COURT: Is it necessary to read this into the record?
I have got a copy...

MR. PHILLIPS has no objection to affidavits being read into the record, but will dispense with the reading thereof.

MR. REES: In that case I hand in Exhibit "J(1)" - that is the affidavit by K.T. M. Wilcox, and I make available for the learned assessors two copies. Secondly "J(2)", the statement by Daniel Stephanus de Kock - the original and two copies. "J(3)" - 'n verklaring van Martin Jacobus Venter, die oorspronklike sowel as twee afskrifte. "J(4)" - van G. van Rooyen - die oorspronklike en twee afskrifte. Ek handig 30

al hierdie dokumente formeel in.

WILLIAM HAY (Duly sworn, states):

EXAMINATION BY MR. REES:

Mr. Hay, would you kindly speak up so that everybody in the Court can hear you. Are you a... what are your qualifications?---I am Electrical Engineer on the communications side of the railways.

And what are your qualifications?---B.Sc. at the Associated Cape Town University and a Member of the Institute of Electrical Engineers. 10

On or after the 6th of August, 1964, did you receive from Major Brits certain exhibits?---I did.

And did you receive amongst others a Jock clock(?) Exhibit "19(d)"?---Yes.

And just detail the various items you received, and then we will deal with them.---Well,...

Put them in front of the Court please. 19(b), 19(g)(2).---Yes.

Just describe 19(g)(2)?---That is a modified torch.

Yes?---In addition there were three bottles of components. 20

The bottles being?---The first one is 19(t), then 18(n) and 18(m).

Anymore?

BY ASSESSOR - MR. HART: I am sorry to interrupt, but when you said a modified torch, I did not quite follow what you meant?

BY THE COURT: Will you be coming back today?

MR. REES: Yes. With respect, I am handing in all the exhibits, and then I will ask him....

MR. HART: Oh, I see, I beg your pardon.

WITNESS: And in addition this envelope...

EXAMINATION BY MR. REES (Continued):

Exhibit number? ---It is not shown on this, but it had this same lettering on it before - 8067/64. It is 19(s), apparently.

And Exhibit 17(d)? Would you deal firstly with the clocks - Exhibit 19(b).---This clock, I recognise it particularly because it is marked here too, before, and I know it was two minutes fast, when I tried it out, It has 10 been modified in a similar manner to other clocks I have seen. I am not associated with this...

Did you made a sketch.. I beg your pardon, did you make a sketch?-o-I made a sketch of the standard modification which I found on this clock. It consisted...

I hand in copies of these sketches. Exhibits may be marked "L(1)" and "L(2)".---I think there are three sketches.

The first one, that is sketch number one, will be Exhibit (L(1))", and the second one, sketch number 2 will be "L(2)", and the third one "L(3)". I hand these in to the 20 Court. Now would you deal with the With reference to the sketch, and in as simple language as you possibly can, explain to the Court what modifications were done, and what what was the purpose of the modifications?---In respect of sketch number 1 a standard pattern alarm clock, was fitted with a contact which would enable the alarm to make an electrical circuit. This contact was mounted in the clock by means of a very specially shaped piece of perspex - filed out of three eights perspex - there are quite a number here -...

You are taking that from exhibits...?---In the en- 30

velope, marked 19(s). That piece of perspex was shaped to fit into the back of the face of the clock and hold a little screw in position to which one of the wires of the electrical circuit could be connected. On the top left hand corner of sketch number 1 there is a little detail of how the screw was mounted in this perspex, and in the centre of the diagram I have attempted to show how the perspex was slipped into the plate, and the plate put back onto the front of the clock. On the clock mechanism, towards the middle of the top, is the alarm trigger on which they filed the surface clean and as 10 the alarm went off this trigger moved towards the face of the clock, and struck up against the screw with the wire attached to it. The circuit was completed by means of another wire soldered to the body of the clock. This is a simple electrical timed contact, and could be set as accurately as the alarm clock could be set - that is within roughly a minute or two. Another modification of the clock was in bringing the wire out at the top of the clock - you see this particular one has not got it, unless it has fallen off - but the clock had a small rubber grommit fitted in to prevent 20 chafing of the wire so that a false electrical contact could not be made if your rough handled it. This wire was normally connected in a simple series circuit, interrupted by two plugs, the one which went to the battery, and the other one was connected - it is not shown on the sketches, because this sketch was drawn before this particular clock came into my hands, and the wires had been cut off the top point - the second plug lead to the detonator or fuse. The importance of these exhibits is with the components used for manufacturing or making that particular type of alarm clock 30

are here in bulk- the perspex piece...

Just a moment please. When you say here in bulk, refer to the exhibit number please.---Exhibit 19(s) consists of perspex pieces used for or cut for this particular purpose. May I open these?

You are now referring to?---19, ... no, 18(m). They are screws...

Just show them to the Court, and don't go so fast. A.P.A. screws - and that is a standard screw size. They are the same size as the screw contact used in the perspex piece 10 in the clock. Exhibit 18(n) are the nuts which fit those screws, and one which is used to lock the screws in position with the perspex fitting. Exhibit 19(t) are the grommits used for taking the wire through the top of the clock.

You were also handed a plastic torch, exhibit 19(r)(2). ~~Your lordship,~~ the plastic torch, which I call a modified torch - first of all, this torch could be used to determine whether the contact circuit of the clock was complete. It was modified to take one of these plugs at the back. There were also amongst the components - exhibit 17(d)(2)", addi- 20 tional loose plugs. The modification to this torch consisted of wiring the...

Just pause a moment. You have screwed off the back of...?---The back of 19(g)(2).

Just describe that back - show it and describe, so that we can get it on record, please.---Well..

How does it differ from a normal back?---The back of the torch has been drilled and two sockets have been inserted in the plastic. These sockets will fit a standard plug, which was used on the clock, Exhibit 19(d). In- 30

side the back of the torch are two wires. Normally in a standard torch those two wires are connected together, and the one makes contact with the back of the battery, and the other end of the wire makes contact with the metal sleeve inside the torch, leading up to the switch of the globe. In this particular case removing that wire, the wire had been cut. One half of the wire had been connected to the one socket, and the other half of the wire had been connected through a small piece of insulating wire to a 37 resistance, apparently for limiting the current, of which more later, your lordship. 10

The only other difference in this torch is that the globe is not the standard globe. The normal $2\frac{1}{2}$ volt globe has been removed and a 6 volt globe has been put in, which with normal torch batteries would give a very dim glow, particularly with a 37 resistance - it just gives a dim glow. It would not give a very bright light. If an alarm clock with two leads coming out into a plug were plugged into the back of this torch, and the torch switched on, the alarm could be set accurately, and the moment it made contact the torch would blow, so that you could ascertain exactly at what time the 20 alarm was set.

On the 18th September did you inspect the remains of a watch marked "Johannesburg R.C.I.26/7/64 - that is Exhibit 7(a)?---I did.

Is that before you now? Could the witness also be handed exhibit 7. Now, firstly would you describe exhibit 7 and 7(a)?---Exhibit 7 I have no comment on. It is the working part of a watch, apparently severely damaged. I inspected it, and found no marks I could recognise on it. Exhibit 7(a) is the back of a watch also very badly damaged. 30

On this... on inspection with a magnifying glass I found file marks, and traces of what appeared to be solder. I did not test them myself, but they bear a very strong resemblance in position and method of filing to three other Zobo watches which I have seen.

Would you have a look at Exhibit 6. Is that one of the watches that had been shown to you by Major Brits?--- That was one of the watches shown to me.

Just tell the Court exactly what you mean by... how it has been modified, firstly, and then compare it with what 10 Exhibit 7 and 7(a) are?---Exhibit 6 - this Zobo watch, had two holes drilled in the face. Into one of the holes was fitted an A.P.A. screw, with a nut on the inside, and a small piece of wire had been soldered on there, and apparently cut way. The glass is plastic/^{non-}conductant glass, my lord.

Just hand it up to the Court, and then you can go on.---"hen soldering with a normal solder on nicolplated watches of this type, it is necessary to file away some of the surface, to get the solder to stick properly. Apparently this particular one had quite a lot of difficulty had been 20 had to get the solder to stick. On the face of this watch it was drilled for the hour hand to make contact with the screw, and apparently in this particular one - it is different from others that I have seen, they drilled twice, apparently to find the best position, and in doing so they seem to have broken the hour handle inside the face of the watch - the minute hand. The minute hand is missing. The purpose of this, judging from the wire soldered on is again simply to make an electrical contact between the hour hand and the insulated screw in the face of the watch. That again would com- 30

plete an electrical circuit.

Could that also be used as a timing device to set something off electrically?---This piece is a timing device, probably with an accuracy of about one or two minutes. Item number 7 which was the back of a watch...

BY THE COURT: That could also be tested with the torch?--- I only have this without the plug. It could be tested with the torch, but there is no plug on this particular torch. It could be tested with the torch. Item number 7 shows a very similar position to the soldering - rather neater work, 10 perhaps, than item 6. I did inspect another watch of the same type that same day, which shows a greater similarity to item number 7 than that.

EXAMINATION BY MR. REES (Continued):

The other watch that you are referring to, is that the one before you now?---Item 18(k). That is the watch that was submitted to me for tests. I did not take this watch apart. Contact... the contact made by the watch between the hour hand and the screw. In the same packet as this watch were the hour hand. I don't know if anybody else 20 did any work on this, but I was unable to take the watch apart because I noticed it had a fingerprint on the back, and apparently somebody was taking details. But the construction is virtually the same as item number 6 and the soldering or filing or soldering is very similar to item number 6, and item number 7.

Would that also be used for the same timing purposes?---This could be used for the same timing purposes, yes, my lord.

MR. REES: No further questions.

AUBREY ABRAHAM MOSS (Duly sworn, states):

EXAMINATION BY MR. MOODIE:

You are director of a firm - what is the name?---
Picot and Moss, (Pty) Ltd.

President Street, Johannesburg?---Yes.

You are the sole South African agent for Westclock
Canada Limited?---Yes.

They manufacture the Westclock Zobo watch?---Yes.

On the 29th of July, 1964, you were shown an exhibit
by the police, that consisted of the movement in the bow of 10
a pocket watch.---Correct.

Will you look at those exhibits?---Yes, those are
the exhibits. 7(a).

Can you comment on that for us?---Well, the plate
is definitely manufactured by Westclock's company of Canada.
Is dit moontlik dat dit net 7 minuit of so voor half-vyf was?---Wel dit was so..dit was tussen vyf-en-twintig oor vier en half-vyf want ek het op die horlosie gekyk toe ek met my liftman gepraat het. 20

Op u polshorlosie?---Ja.

Waar was u destyds?---Ek het met my liftman gestaan en praat onder in die gebou, in Empire State Building.

Is dit op die grondverdieping?---Ja.

Nou die beskuldigde sal sê dat hy u in die lift ontmoet het, by die eerste verdieping?---Nee. Nee, hy het nie.

En hysal sê dat hy die lift ..vir die lift by die grondverdieping gewag het, en dit het nie gekom nie, en toe het hy opgestap tot die eerste verdieping toe?---Nee.

En toe, sal hy sê, het die lift daar gekom. U was 30 alreeds binne, en toe het julle al twee saam in die lift opgery

tot by die vierde verdieping.---Nee. Gladnie. Hy het die trappies opgeloo, en ek het vir hom gestaan en kyk.

Van die grondverdieping?---Ja.

En u was nie saam met hom in die hysbak self nie?---Nee een vorige keer, n paar dae voor dit, was ek wel met hom in die lift gewees, maar nie daardie dag nie.

Nou is dit reg, mevrou Bowen, dat toe u hom gesien het, het hy sy baadjie oor sy arm gedra?---Ek het nie na sy klere gekyk nie, ek het net na sy gesig gekyk en met hom gepraat. 10

Wel het u gladnie na sy klere gekyk nie?---Nee. Ek het net na sy gesig gekyk, want sy gesig was bleek, en hy het verskrik gelyk.

En is u nie in n posisie om te antwoord as ek vra of hy sy baadjie oor sy arm gedra het?---Nee.

En weet u watter kleur baadjie dit was?---Nee.

En die kleur van sy broek?---Ook nie.

Het hy n das gedra?---Ek het net na sy gesig gekyk, ek weet niks verder nie.

Hoelank na hierdie agtermiddag het u n verklaring in verband daarmee gemaak, mevrou?---Ek dink dit was die Maandag. 20

Die volgende Maandag?---Ja, dit was Maandag.

Wel die 24ste was n Vrydag.---Ja.

En u reken u het die verklaring aan die polisie gemaak die volgende Maandag?---Ja.

Dit is drie dae daarna?---Ja.

En was u destyds nie in n posisie om te onthou watter klere hy gedra het?---Nee.

U sien, ek wil dit aan u stel, mevrou, dat hy n 30

baadjie, n groen baadjie, oor sy arm gedra het toe hy met u gepraat het, is dit reg of verkeerd?---Ek het nie gesien hoe hy aangetrek was nie. Ek het net na sy gesig gekyk.

Het hy n hoed gedra?---Nee.

Het hy brille gedra?---Dit kan ek jou ook nie sê nie, ek het net gekyk hoe bleek hy gelyk het.

Het hy n handsak gedra?---Dit kan ek jou ook nie sê nie.

Nou volgens u getuienis dan, mevrou, is dit heeltemal moontlik dat hy n groen baadjie oor sy arm gedra het, 10
nie waar nie - dit is alles heeltemal moontlik, want u weet nie?---Dit is moontlik, maar ek het dit nie raakgesien nie. Ek het net na sy gesig gekyk.

Dit is ook moontlik dat hy n handsak gedra het, as hy so sê. Dit sal sy getuienis wees, dat hy n baadjie oor sy arm gedra het, n groen baadjie, dat hy n handsak in sy hand gedra het, dat hy sy das afgeneem het. ---Ek weet nie. Ek het net na sy gesig gekyk.

Dan het ek geen verdere vrae ~~te~~le.

GEEN HERVERHOOR DEUR MNR. MOODIE NIE.

20

op DIE STADIUM VERDAAG DIE
HOF VIR 15 MINUTE.

BY HERVATTING:

(Witnesses previously cross-examined, excused from Court).

MARTHA JACOMINA MARIA FOGWILL, nog onder eed (herroep vir kruisverhoor)

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS:

Mevrou Fogwill, die laaste keer het u vir sy Edele vertel hoe op die agtermiddag van die 24ste Julie u in die stasie binneplein was, te Johannesburg.---Ja.

Vir watter doel het u daar gekom? ---Ek het daar ge- 30

staan en wag vir my broer.

DEUR DIE HOF: Ek kan u nie hoor nie mevrou.

MNR. PHILIPS: Praat bietjie harder asseblief.---Ek het daar gestaan en wag vir my broer.

Was u nie self van plan om n trein te haal nie?---

Ek was.

Waarnatoe?--Na Brakpan.

Hoelaat sou daardie trein vertrek?---4.42.

En van watter platform?---Platform 7 en 8.

En waarvandaan het u daarna gekom mevrou?---Ek het 10 van die Volks Korrespondensie Kollege af gekom.

Waar is dit geleë?---Op die hoek van Pritchard en Simmons.

Het u van daar af na die stasie toe geloop?---Ja.

En hoelaat is u van hierdie Volks Korrespondensie Kollege af weg?---Ongeveer omtrent 4.15.

Omtrent?---4.15.

4.15 - weg van die Volks korrespondensie kollege? Hoe skat u daardie tyd, mevrou?

U sê dit is geleë in n gebou op die hoek van Prit- 20 chard en..?---Simmonds.

En Simmondsstraat - en u het vandaar af na die stasie toe gestap - is dit reg?---Ja.

**
Belt 20

Is dit reg, is dit die korrekte antwoord?---Ek het van die Kollege af geloop, maar daardie Vrydagmiddag het ons vroeg afgekom.

Daardie Vrydag agtermiddag?---Ja.

Het julle vroeg afgekom. Hoelaat kom julle gewoonlik af.---4.15.

En dit wil sê dat daardie agtermiddag was dit vroeër 30 as 4.15? Ja, wel, wees asseblief n bietjie versigtig! Ek

het u gevra hoelaat u van die korrespondensiekollege af weg was - hoelaat sou dit gewees het? Voor vieruur? Vieruur?---Dit was net na vier gewees.

Net na vier.---Ek kannie die regte tyd sê nie.

Net na vier. En u het toe gestap - hoelank neem dit van die hoek van Pritchard en Simmondsstraat na die stasie toe? Dit is omtrent 6 blokke, sal dit reg wees? Hoelank het dit u geneem om te stap, vyf minute?---Ons loop gewoonlik so sewe minute.

Sou dit dan korrek wees dat u by die stasie aangekom het miskien sewe minute oor vier? Sou dit reg wees?--- Ek sal eerder sê dit was omtrent 12 minute oor gewees. 10

Wel, raai u sommer? Het u op n horlosie gekyk?---Dit is my eie skatting.

Maar u het gladnie op n horlosie gekyk nie? ---

En het u onmiddellik na hierdie skooling oor die platforms 7 en 8 gaan staan?--Ja.

Onmiddellik daartoe gestap. En u het naby aan n weegskaal daar gestaan? Ek dink daardie weegskaal/gesien word op die fotos wat geneem is. Sal u asseblief kyk na Bewys- 20 stuk B.18 . Is dit die weegskaal wat u daar kan sien? op daardie foto?---Ja.

En waar het u gestaan, langs daardie weegskaal?--Ja waar die weegskaal se voet is, daar het ek gestaan.

Waar sy voetsuk is - hoever daarvandaan het u gestaan?--Ek het teenaan gestaan.

Teenaanhom gestaan. Nou en u het daar gekom omtrent 12 minute oor 4, dit is jou skatting. En daar het u vir u broer gewag? Hoelaat het hy gesê hy sal aankom?---Hy het nie n tyd gesê nie. 30

U moes sommer daar wag totdat hy kom?---Ja.

En u het gestaan en gewag. En u het niemand in besonder doggehou nie?---Nee.

(TRANSCRIBER'S NOTE: Witness speaks so softly that the official interpreter sometimes repeats answers as she gives them, for the benefit of the Court. Others are completely inaudible, and the transcriber has no way of knowing if she did not, in fact, answer, or if she merely nodded or shook her head.) 10

Nou u het vir sy Edele vertel dat u het wyle mevrou Rhys gesien binne in die skuiling voor platforms 5 en 6?---

U het haar gesien tesame met n dogtertjie?---Ja.

Het u haar gesien onmiddellik na u daar gekom het?

---Toe ek daar gaan staan het by die weegskaal het ek in daardie rigting gekyk, en toe het ek gesien..

DEUR DIE HOF: Ek is jammer, ek kan gladnie hoor nie!

(Tolk herhaal laaste sin).

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS (VERVOLG):

In die rigting van die skuiling oor platforms 5 en 6? 20

---Ja.

En toe u gekyk het, het u onmiddellik vir mevrou Rhys gesien?--Ja.

En vir die dogtertjie?--Ja.

Alleen vir die twee van hulle?---Ek het net vir die 2 van hulle daar gesien.

U het nie vir mevrou Rhys se dogter mevrou Burleigh gesien? wat hier n getuie was?---Nee.

En u het nie vir n ander dogtertjie ook gesien nie?

---Nee.

30

Maar die twee van hulle het alreeds daar gesit, op die bank---Ja.

Om hulle te sien binne-in daardie skuiling oor plat-

forms 5 en 6 moes u natuurlik deur n vertoonkas kyk?---Ja.

Dit is die vertoonkas wat op hierdie selfde foto gesien kan word. U moes deur die vertoonkas kyk en deur tenminste 2 or 3 diktes van glas?--Ja.

En daar was natuurlik dine binne-in die vertoonkas?
---Dis reg.

Maar u het daarnietsenstaande duidelik gesien?---Ja.

Haar en die dogtertjie ook?---Ja.

En u het gesien waar hulle op die bank gesit het, binne-in die skuiling?---Ja. 10

U het vir sy Edele laaste keer gesê waar die man gestaanhet wat u gesien het. Nou ek wil net vra hoelank nadat u daar gaan staan het langsaan daardie weegskaal het die man daar gekom?---Wel ek sal omtrent sê dit was tussen 17 en 18 minute oor 4 gewees.

Hoe skat u dit?---Ek het n taamlieke rukkie daar gestaan al.

Het u op n horlosie gekyk?--Nee.

Is dit alleen n skatting?---Ja.

En waarvandaan het hierdie man gekom, het u gesien? 20
--Nee.

Van watter rigting af hy gekom het?--Nee.

Waar was hy toe u hom vir die eerste keer gesien het?---Ek het hom net gesien, ek het..ek weet nie wat het my gemaak om weer daarnatoe te kyk nie, ek het net gesien dat hy loop in.

Hy loop in?--Ja, waar wyle mevrou Rhys gesit het.

Hy loop in van dieselfde kant van die binneplein waar u gestaan het, dit is die regterkant daarvan?--Nee, ek weet nie van watter kant het hy die stasie ingekom nie. Ek het 30

hom net gesien toe hy in die afskorting ingaan.

En toe het hy iets gedra?---Ek het nie so opgelet nie.

Het u toe net die linkerkant van die man gesien?---

Ja.

En het hy ook gaan sit?---Nee.

En u het vir sy Edele vertel dat hy was by daardie einde van hierdie afskorting waar die inspekteure staan?---

Hy was in mevrou Rhys het teen die venster gesit, en dan die dogtertjie, en hy was net langsaan hulle gewees.

Ja, maar was dit daardie einde van hierdie afskorting 10
waar die inspekteur staan?---Ja.

Jy weet waar hulle staan, waar die trappe afgaan?--

Ja.

En daar is net die een deel van die afskorting waar die inspekteur staan, is dit reg - en dit isop die suidekant van elkeen van hierdie afskortings - is dit reg?---Ja.

Die suide-kant is die kant van Johannesburg se stad, waar jy inkom - jy weet?---Ja.

En die trappe in elkeen van hierdie afskortings is op daardie kant van die afskorting self, is dit reg?---Ja. 20

En dit was die kant waar hulle gesit het? Is dit reg? Die kant naaste aan waar die inspekteur staan?--Ja.

So het u vir sy Edele vertel. Daar het hulle gesit, en dit is waar die man ook gegaan het, sê u?---Ja.

En u het nie gesien dat hy enigiets dra nie?---Nee.

En toe, u het hom net die laaste oomblik gesien, voor hy ingegaan het, is dit reg?---Ja.

En toe is hy binnekant?---Ja.

En toe om hom te sien moes u weer deur die vertoonkas en hierdie diktes glas kyk?---Ja. 30

En het u aangehou om daarnatoe te kyk?---Nee.

U het nie, u het weggekyk?---Ja.

Was dit destyds dat iemand verbygegaan het?---Ja, n persoon wat saam met my broer gewerk het het verbygekom, en hy het my gegroet, en hy het met my gepraat en toe het hy af met die trappe gegaan.

Hy het af met die trappe gegaan?---Ja by platforms 7 en 8.

En het julle eers n gesprek gehad voor hy af is?---Nee, hy het my net gegroet en gevra hoekom staan ek daar.

O ek sien, en toe is hy weg?---Ja.

10

En terwyl u met hom gepraat het het u natuurlik nie gekyk nie?---Nee.

En in elk geval u het nie weer gekyk nie tot n oomblik waan u alreeds vir sy Edele vertel het, wat u gesien het dat die man wegloop?--Ja.

Is dit so? En toe u dan weer kyk na daardie rigting toe, hoever was die man toe van die afskorting af?---Nee, ek kannie sê nie.

Wel min of meer, mevrou? n Paar tree of n paar wet of n hele distansie? ---Ek sal sê toe hy weggeloop het was 20 hy omtrent 10 tree.

Toe u eers vir hom weer kyk?--Ja.

Omtrent 10 tree weg van die afskorting af. En u was natuurlik nog op dieselfde plek?---Ja.

Langs die weegskaal by 7 en 8.---Ja.

In watter rigting het hy toe geloop mevrou?---Wel hy het geloop na die kant waar jy die stasie uitgaan na die stad toe.

In n suidelike rigting?---Ja.

Na die uitgang toe. Dit wil sê, sy rug was na u toe? 30

---Ja.

En dit is al wat u toe gesien het, sy rug?---Ja.

En het u hom dopgehou?---Nee.

Het u hom net so vir 'n oomblik gesien?---Ja.

Toe is hy omtrent 10 tree weg, besig om te loop na die suidelike kant toe van die uitgang van die stasie?--Ja.

En u het alleen sy rug gesien. Het hy 'n hoed gedra? ---Nee.

Hoe het hy geloop, soos 'n gewone persoon?---Ja.

Gladnie mank nie?---Ek het nie so opgelet nie.

Is dit moontlik dat hy mank geloop het?---Ek kannie 10 sê nie.

Het hy 'n jas gedra?---Nee.

Het hy enigiets in sy hande gedra?---Nee toe ek hom gesien het het hy niks gehad nie. Ek het ook nie so goed.. ek het hom nie so dopgehou om te sien of hy iets in sy hande het nie.

En vanwaar u gestaan het tot hierdie suidelike einde van die afskorting oor platforms 5 en 6, stel ek aan u is omtrent 18 of 19 tree. Is dit reg, sal u sê? Ek het dit op die plan gemeet, en volgens my afmeting is dit omtrent 20 18 of 19 tree, sal dit reg wees?---Ek sal nie kan sê nie.

DEUR DIE HOF:

Van waar tot waar?---MNR. PHILIPS: Vanwaar die getuie gestaan het, Edele, dit is langs die weegskaal, tot die suidelike einde van die afskorting oor platforms 5 en 6. Dit is 18 of 19 tree.

(aan die getuie) U kannie sê nie?---Nee.

U het 'n sketting gegee die laaste keer toe u getuie-nis afgelê het van omtrent 10 of 12 tree, ek dink?---Ja.

Maar ek stel dit aan u dat dit meer is, 18 of 19 tree.

En nou, dis al wat u van hierdie man gesien het. U het hom gesien net voor hy in die afskorting ingegaan het, net vir 'n oomblik?---Ja ek het hom gesien toe hy ingaan.

Ja, net vir 'n oomblik?---Ja.

Die linkerkant van die man?--Ja.

Van daardie distansie af, 18 tot 19 tree. Toe was hy binnekant in die afskorting?---Ja.

Toe kon u hom alleen deur die vertoonkas sien?--Ja.

Toe het u hom nie weer gesien nie totdat hy besig was om weg te loop met sy rug teenoor u? Is dit reg?--Ek 10
het hom gesien toe hy half in 'n gebukkende posisie ook gestaan het, langs..

Ekskuus, half in 'n gebukkende posisie opgestaan het, sê u?---Nee, hy het in 'n halwe gebukkende posisie gestaan, en ek het gesien dat mevrou Rhys het so half opgekyk.

Na hom toe?---Ja.

En was sy baie naby aan hom?--Ja, daar was omtrent so 'n tree tussen hulle gewees.

En het dit gelyk asof hulle 'n gesprek gehad het?--Ja.

Dit het. En u het hom gesien in hierdie half ge- 20
bukkende posisie, en daarna het u hom nie weer gesien nie, of nie opgelet nie, totdat hy weggeloop en u het alleen sy rug gesien?---Ja.

Nou toe hy weggeloo het, het dit vir u gelyk asof hy haastig loop, of gewoonweg loop?---Ek kannie onthou nie.

Daar was niks wat u agterdochtig gemaak het?---Nee.

Nou toe sien u vir hom, hy loop nou weg. Hoelank daarna het die ontploffing plaasgevind?--Wel ek sou omtrent gesê het twee minute.

Omtrent 2 minute daarna. U het nog in dieselfde plek 30
bly staan?--Ja.

Omtrent 2 minute daarna het die ontploffing plaasgevind. Nou is u seker mevrou dat u in staat is om vir Sy Edele te sê hoe hierdie man aangetrek was?---Ja.

U het hom net daardie 3 keer gesien, toe hy binne in die afskorting loop, toe hy gestaan het in 'n half-gebukkende posisie en toe hy wegloop met sy rug teenoor u. En u sê u kan vir ons vertel hoe hy aangetrek was.--Ek kan net sê die kleur van sy pak klere wat hy aangehad het.

En die kleur was?---Bruin.

Ligte bruin of donkerbruin?---Dit is so..dit is 10 hierdie nuwe soort, dit is 'n donkerbruin suit wat so 'n halwe blink kleur in het.

U het hom nooit vantevore gesien nie?---Nee.

Net die tweekeer van die kant af, en eenkeer sy rug.

En hoe is hy gebou?---Hy is nie baie lank nie, breë skouers.

Sal jy hom beskrywe as 'n kort man?---Ja.

'n Kort man met breë skouers. En ek weet nie of ek alreeds vir u gedra het, het hy 'n hoed gedra?---Nee.

Brille?---Nee. 20

En die kleur van sy hare, het u opgelet?---Dit was lig, 'n baie ligte bruin.

Nou u het gesê aan sy Edelaagbare dat van die kant af het u opgelet dat hy 'n snaakse ovaalvormige gesig gehad het - dit is wat u gesê het.---Ja.

Ek stel dit aan u mevrou dat dit vir u van die kant af onmoontlik was om soiets op te let, onmoontlik. Van voor af, ja, miskien, maar nie van die kant af nie. Is dit nie miskien iets wat u later aan gedink het? Wanneer het u 'n verklaring in hierdie saak gegee mevrou?---Ek kannie sê 30 nie, ek het nie die datum nie.

Wel, u was teenwoordig toe die ontploffing plaasgevind het?---Ja.

Ek onthou nie of u beseer is of nie?---Nee.

Wel, was u nog daar toe die polisie op die toneel gekom het?--Ja, ek het daar gestaan nog.

Nog daar gestaan, en daar het natuurlik n groot skare mense daar gekom?--Ja.

En het u onmiddellik vir die polisie vertel dat u man gesien het wat binne in daardie afskorting was?---Nee.

Waarom nie?---Wel die skok van die ontploffing was 10
so groot gewees, ek kon op daardie oomblik kon ek nie gedink het nie. En ek was nog tussen die mense gewees toe het my broer my daar gekry en toe het hulle my daar weggevat. Toe het ek huis toe gegaan.

Het u nie gereken dat miskien is die getuienis belangrik, as u n man daar gesien het, op dieselfde plek waar die ontploffing plaasgevind het - het u vir geeneen van die polisielede daar gesê nie?---Ek het nie op die stasie nie, maar ek het die Maandag of die Dinsdag, ek kannie onthou nie, het ek na die spoorwegpolisie toe gegaan, Johannesburg stasie, en ek het daar met n konstabel van Zyl gaan praat, en ek het hom vertel wat ek gesien het. Ek het vir hom gesê ek weet nie of ek moet..wat ek moet doen nie. Maar die Saterdagoggend by die werk het ek vertel wat ek gesien het, want ek was die enigste een daar wat op die stasie was. 20

Lees u die koerante mevrou?--Dit is baie weinig min wat ek n koerant koop.

Luister u aan die draadloos?---Nee.

Gladnie?--Nee, ons luister feitlik gladnie, nooit, 30
na die Afrikaans of Engels nie.

En lees u gladnie die Sondagnuusblaai nie?--- Dit is baie min wat ons n koerant koop.

Wel, lees u die Sunday Times?---Nee.

Sunday Express?---Nee.

Die Sondagnuus?---So nou en dan.

Het u die Sondagnuus gelees op die 26ste van Julie? ---Ek kannie onthou nie.

Wel mevrou, u was teenwoordig op die stasie toe hierdie geweldige ontploffing plaasgevind het, nie waar nie?---Ek was.

10

U het seker meer belangstelling daarin as die meeste mense wat daarvan gehoor het of gelees het. Nie waar nie? Ek stel dit aan u u het seker al die koerante gekoop en gelees, en gesien wat sê hulle in verband met hierdie skokkende ding wat aan jou gebeur het - nie waar nie?--- Ek weet ons het n koerant gekoop, maar ek weet nie watter dag nie, want ek weet die naweek was ons nie by die huis gewees nie.

Wel kan u vir ons vertel ja of nee of u die Sondagnuus van Sondag 26ste Julie gelees het?---Ek kannie onthou nie.

20

Ek wil dit aan u stel mevrou dat lank voor dielste September, dit is die datum van die parade wat u bygewoon het, lank voor daardie datum het u in die koerante tenminste eenkeer n foto van die beskuldigde gesien?---Ek weet ek het een Sondagoggend, maar ek kannie die datum onthou, nie, het ons daar buite gesit, en toe was daar n foto van hom in die koerant.

U het natuurlik gehoor of gelees dat n man met die naam van John Harris aangehou is dieselfde aand as wat die

30

ontploffing gebeur het,--Ja.

U het dit gelees. En u het n foto van hom in n
Sondagnuusblad gesien,---Ja.

En dit is natuurlik lank voor hierdie identifikasie
parade?---Ek dink dit was die Sondag net voor die parade,
want daar was n man by ons gewees/ wat uit Zoeloeland gekom
het, en ek het nog vir hom gesê ek moet die 1ste September
gaan vir n uitkenningsparade.

Nou voor u hierdie parade bygewoon het, het enige
persoon vir u vertel dat die man wat die tas daar laat staan 10
het by die afskorting n bruin pak klere gedra het?---Nee.

Het u dit nooit gehoor nie?---Nee.

Nooit gelees nie?--Nee, ek kan..nee.

En by die parade op die 1ste September het die
beskuldigde n bruin pak klere gedra, nie waar nie?---Ja.

En hy was die enigste persoon op daardie parade wat
n bruinpak klere gedra het, nie waar nie?---Ek kannie ont-
hou nie.

Kan u dit ontken mevrou?---Wel, ek weet hy het n
bruin pak aangehad, maar ek het nie na die ander mans 20
gekyk wat daar was, watter klere hulle aangehad het.

Hy sal sê dat hy was die enigste persoon op daardie
parade wat bruin klere gedra het - die anders het ðf blou
ðf grys pakke klere gedra. En ek stel dit aan u ook, mevrou,
dat hy die enigste persoon op daardie parade was met die
soort gesig wat u beskrywe het as n ovaal-vormige gesig.
Was hy?---Ek kannie meer al die mans gesigte gehou wat ek
daar op die parade gesien het nie. Ek sal nie kan sê nie.

Op daardie parade op die 1ste September het u..het 30
hy nr. 7 gestaan, soos ek verstaan, toe u ingekom het. Sou
dit reg wees?---Ek weet..ek het...

Wel hy was in die middel, in elk geval?--Ja.

En u het nooit kans gehad om hom van die kant af te sien, in dieselfde manier wat u dieman op die stasie gesien het, is dit reg?--Ja.

U het hom ook nie van agteraf gesien u toe u op die parade was?--Nee.

Alleen van voor af gesien?---Hy het met 'n ruk, toe ek half verby hom was, toe ons met die parade begin het, en almal deurgekyk het, het hy sy gesig skuins gedraai, en daar het ek hom toe geherken. 10

Toe het u sy gesig van die kant af gesien. Nou is dit korrek, mevrou, dat by die parade het u eers geaarsel? ---Nee, ek het nie geaarsel nie.

Is dit korrek dat u wou vir kaptein Scheepers 'n vraag vra, en hy het geweier - is dit reg?---Dit is nie dat ek hom 'n vraag wou vra nie, ek was baie senuweeagtig gewees, want ek ly aan my senuwees, en ek het nie eintlik geweet wat ek moet doen nie.

U wou hom iets vra?--Ja, ek was bang gewees om hom uit te wys. 20

LT 21.

U het nou 'n oomblik terug gesê u het nie geweet wat u moet doen nie - is dit reg? Is dit wat u gesê het?--Ja.

Maar het diekaptein nie vir u gesê nie, instruksies gegee toe u eers ingekom het?---Hy het, ja.

Hoekom was dit dan nodig om hom weer te vra voor u hom uitgewys het?---Dit is nie dat ek hom wou iets vra nie, ek was net baie senuweeagtig en ek was bang gewees.

U wou hom iets vra, dit is reg, nie waar nie, want die beskuldigde sal so sê.---Ja?

U wou vir die kaptein iets vra, en toe wou diekap- 30 tein u nie toelaat nie om met hom op daardie stadium te

praat nie, is dit reg?--Ja.

En alleen daarna het u die beskuldigde uitgewys. Nou beskuldigde sal sê dat hy nooit op die stasie was die tyd wat u van praat, d.w.s. tussen 4.17 of 4.17 daaromtrent, en 4.30. Weet u hoelaat die bom ontplof het?---Ek het maar net gehoor dat dit 4.33 was.

Wel volgens wat u vir ons nou vertel het dan sou die man wat u gesien het daar gewees het tussen 4.17 en 4.31. Sou dit reg wees? Tot 2 minute voor die ontploffing, is dit reg?---Ja. 10

Die beskuldigde sal ontken dat hy op die stasie was gedurende daardie tydperk. Ek sê nie, mevrou, dat u nie n man gesien het nie, maar ek stel dit aan u dat dit nie die beskuldigde was nie, en dat u fouteer as u sê dat dit die beskuldigde is.

DEUR DIE HOF:

Wat sê u, mevrou? Is u seker, of onseker?---Nee, nou weet ek nie - kyk, my tyd kan miskien verkeerd wees, maar ek het definitief iemand daar gesien ingaan.

Maar is u seker dat dit die beskuldigde is?---Wel, 20 ek het hom op die uitkenningsparade geherken, so dit moet hy wees.

En voel jy nou seker in jou gemoed dat dit is hy?---Ja.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS (VERVOLG):

Mevrou, ek behoort u te vra - u het gesê dat binne in die afskorting kon u sien dat mevrou Rhys daar gesit het, en ook die dogtertjie. Was daar enige ander persone wat daar gesit het?---Ek kannie onthou nie. Ek het net vir hulle gesien.

Wel u het alreeds vir ons vertel dat die eerste 30 keer wat u die man gesien het, toe hy in die afskorting in-

gaan was omtrent 4.17 - is dit reg? Was dit toe u hom gesien het, of is dit toe u mevrou Rhys gesien het?

DEUR DIE HOF: (aan mnr. Philips)

Sy het gesê dit is toe sy op die stasie gekom het. ---Wel Edele, ek het verstaan dat die getuie gesê het dat sy by die stasie omtrent 4.12 gekom het.

O ja.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS (VERVOLG):

Hoelaat was dit toe u die man die eerste keer gesien het? Hoelank na u daar gekom het? Is dit vir u onmoontlik 10 om te sê? --Ja.

Kon dit binne n paar minute gewees het vandat u daar gekom het? ---Nee ek kan regtig nie sê nie, die tyd maak my deurmekaar, ek kannie sê hoelank presies ek daar gestaan het nie.

Kan u vir ons sê hoelank min of meer was die man binne in die afskorting, d.w.s. van die tyd wat u hom gesien het ingaan, tot hy weer uitgegaan het?---Dit kan ongeveer ook 2 minute wees. Hy was nie baie lank daarin nie.

Nie baie lank nie?--Nee. 20

Kon dit vyf minute gewees het?---Wat hy daar binne was?

Ja.---Nee dit was nie solank nie.

Nie solank as vyf minute. U reken miskien 2 minute?

--Ja.

Miskien n bietjie langer?---Nee, ek sal nie kan sê nie, ek dink eerder dit sal so twee minute wees.

En vandat u hom gesien het dat hy na die uitgang toe geloop het, in n Suidelike rigting, u het hom nie weer gesien nie, dopgehou nie?---Nee 30

En dit sê u was omtrent 2 minute voor die bom ont-

plof het?---Ja.

MNR. PHILIPS: Geen verdere vrae.

DEUR ASSESSOR VAN DEN BERG:

Mevrou daar is net een punt wat ek nou nie seker van is nie. U het vir die Hof gesê dat u het by hom verbygestap op die parade.---Ja.

En net daarna het hy dwarsgedraai, en toe het u sy gesig van die dwarste gesien, ---Ja.

En toe het u hom geëien.---Ja.

DEUR ASSESSOR HART:

10

Nou mevrou hoeveel keer het u hierdie man op die stasie gesien? Ek dink die geleerde advokaat het aan u gestel dit was driekeer gewees.---Ja.

Nou die eerste keer vir hoelank het u hom gesien? ---Omtrent so..

Het u hom dopgehou, of net opgelet?--Nee, ek het net opgelet dat hy daar ingegaan het, want ek het in daardie rigting gestaan en kyk.

En vir hoelank het hy daar ingegaan en vir hoelank het hy daar gebly?---Nee, ek kannie n tyd sê hoelank hy daar was nie. 20

Was dit toe dat jy hom in die afbukkende posisie gesien het?---Ja, ek het hom daar gesien ingaan, en toe het ek gesien dat hy in n halwe gebukkende posisie staan, en ek het gesien dat oorlede mevrou Rhys het opgekyk na hom toe, na sy gesig toe.

Toe hy ingegaan het, het hy iets in sy hande gehad, of nie?---Nee, ek het dit nie gesien nie.

Nou die tweede keer, waar het u hom die tweede keer gesien?---Ek het hom die eerste keer net gesien dat hy in- 30 gaan. Toe het ek n persoon gegroet. Toe ek weer so terloops

in daardie rigting gekyk het, het ek gesien dat hy in 'n gebukkende posisie staan, en wyle mevrou Rhys, ek het haar toe gesien opkyk. En ek het toe weer weggekyk, en toe ek weer in die rigting van die stasie afkyk, toe sien ek net dat hy in die suidekant van die stasie afloop.

En toe, het hy daar gestaan?---Nee, ek het nie so opgelet nie. Ek het maar net gesien dat hy loop, en ek het nie weer in daardie rigting afgekyk nie. Toe het ek na my regterkant toe gekyk om te sien of my broer nog nie aankom nie. 10

Het u enige belang in die man gehad destyds of nie?

---Nee.

GEEN VERHERVOOR DEUR MNR. MOODIE NIE.

FREDERICK ANDRIES JACOBUS JANSEN, nog onder eed (herroep vir kruisverhoor).

KRUISERHOOR DEUR MNR. PHILIPS:

Mnr. Jansen u het die vorige keer vir sy Edelagbare vertel dat u op die agtermiddag van die 24ste Julie by die Johannesburgse stasie was?---Dis reg.

Hoe was u daardie agtermiddag aangetrek mnr. Jansen?

---Ek het 'n groenerige broek aangehad en 'n bruin baadjie met groen stippeltjies. En 'n rooi das en 'n blou hemp en bruin skoene. 20

Hierdie baadjie, u sê dit was 'n bruinerige baadjie?

---Ja.

Donkerbruin?---Ja, amper donkerbruin met groen stippeltjies aan.

En waar werk u mnr. Jansen?---Ek is werksaam by die H.P.K.

En waar is dit geleë?---In Braamfontein.

Ver van die stasie af?---Ongeveer ek sal sê 2 myl. 30

Het u daardie agtermiddag van die werk afgekom?---

Ja meneer.

Om n trein te haal..om n bus te haal, was dit, n spoorwegbus?--Ja ek het saam met n vriend van my het ek kar gery tot naby die stasie.

Hoelaat het u werk verlaat?---Vyf minute voor vier.

En onmiddellik in die kar ingekom?---Dis reg.

waar het die vriend u afgelaai?---Aan die voorkant van die stasie daar by die museum, by die Harrison brug.

Is dit op die westekant van die stasie?--Ja, die westekant ja. 10

En waar wou u hierdie bus vang?---Dit is die spoorwegbus wat reg voor die stasie vertrek, u Edele.

Is dit ook op die westekant waar dit vertrek? Waar die parkeerterrein is?---Dis reg meneer.

En hoelaat moet u hierdie bus haal? ---Hy vertrek van Johannesburgstasie af 25 minute voor 5.

Waarnatoe?--Na Vereeniging toe.

Is dit waar u woon?---Nee meneer, ek woon in Kibler Park.

Was u van plan om Vereeniging toe te gaan?---Nee meneer. 20
Ek was van plan om huis-toe te gaan.

Is dit op pad?--Ja meneer, hy gaan daar verby.

U sê dit was omtrent 25 voor 5?---25 voor 5 dan vertrek hy van die Johannesburg stasie, ja.

Nou was daar enige spesiale rede waarom u by die afskorting voor die platforms 5 en 6..---Meneer, elke Vrydagmiddag wag ek vir my vrou op daardie perron om ook van die werk af te kom.

En het u daardie agtermiddag vir u vrou gewag?--Meneer nee, daardie week was sy op verlof gewees, maar omdat

dit n gewoonte is het ek maar net daar gaan plaasraem.

Hoelaat was dit toe u by die stasie aangekom het?

---Ek het by die stasie aangekom omtrent 10 minute oor 4.

En het u onmiddellik na hierdie afskorting oor platforms 5 en 6 gestap?---Meneer, ek het net my droogskoonmakers gaan haal, wat op die stasie geleë is, in die binneplein.

En het u van die droogskoonmakers af onmiddellik na die afskorting toe gegaan?---Reguit na platform 5 en 6 gegaan.

10

En daar gaan sit?--Ja meneer.

Daar is twee banke daar?--Dit is reg.

Op watter een het u gesit?---Aan die linkerkantse een.

Wel dit is die linkerkant as u in watter rigting kyk?---As ek in hierdie rigting kyk wat ek nou staan.

Wel dit help ons gladnie.

DEUR DIE HOF: Hy kyk wes, op die oomblik.

MNR. PHILIPS: O - is dit wat u bedoel?---Dis reg.

As u in die afskorting sit, op die bank, dan het u op die linkerkant se bank gesit?---Dis reg.

20

D.w.s. dit is die suidelike bank?---Dis reg.

Langsaan die muur?---Nee, die teenoorgestelde..daar is twee bankies in daardie glas afskorting.

Ja?---Tussen die twee bankies is n vuilisblik, en ek het net n paar tree van die vuilisblik af gesit.

Die suidelike van die twee banke?--Dis reg.

En toe u daar gekom het, dit is dan seker n paar minute oor 10 oor 4 --dis reg.

Sê miskien 12 oor ---Ja min of meer.

30

Was daar enige ander persoon binne in daardie af-

skorting?--Wel daar het n jong seuntjie in die hoek gesit op dieselfde bank waar ek gesit het, en dan het daar n ou dame daar gesit, en dan was daar ook n dogtertjie wat rondgespeel het daarso. Dis al persone.

Was hierdie dame alreeds daar toe u daar gekom het? Die ou dame?---Sy was alreeds daar.

En die dogtertjie?---Sy het rondgespeel voor daardie glas afskorting.

Hierdie dame, is dit miskien n dame wat in die ont-ploffing beseer is?---Dis reg. 10

Sy was alreeds daar toe u daar aangekom het?---Dis reg meneer.

Nou terwyl u daar gesit het, van omtrent 12 oor 4, hoeveel mense het daarnatoe gekom?--Hoeveel mense het waar gekom?

Na die afskorting gekom?--Nee dit kan ek jou ongelukkig nie sê nie, want daardie tydstop is die stasie baie besig.

Het daar meer as een persoon gekom?---Ja dit moet meer as een persoon wees.

En het daar ook mense weggegaan?---Ja. 20

Het daardie mense wat daar gewees het toe u daar gekom het, weggegaan?--Ja daar was mense wat kom sit het, en dan weer geloop het.

Hoelaat was dit toe u daar opgestaan het?---Ek het opgestaan om die bus te gaan haal, so/25 oor 4 en half-vyf.

Kan u dit miskien n bietjie meer presies gee? Is dit nader aan 25 oor of nader aan half-vyf?---Sê omtrent 26 minute oor.

Dit is toe u opgestaan het?---Ja meneer.

Hoe skat u dit? Hoe weet u dat dit 26 oor was?--Meneer 30 het nou vir my gevra ek moet skat naaste aan 25 oor of naaste

aan half.

Nee, ek vra alleen hoe weet u? Het u op n horlosie gekyk?---Ja, ek is geneig om altyd op my polshorlosie te kyk.

En het u toe gekyk?---Ek het gekyk.

En u sê dit was 26 oor?--En die groot een op die stasie in die binneplein was dieselfde gewees.

Nou voor u opgestaan het..wel toe u daar in die eerste instansie daar gekom het na daardie afskorting toe, het daar n tas daar gestaan?---Meneer, daardie tas is daar geplaas omtrent 15 minute oor. 10

Toe u alreeds daar gesit het?---Dis reg meneer.

En toe die ou dame wat u van gepraat het, alreeds daar gesit het?--Sy het daar gesit.

En toe het daardie man gekom, en die tas daar gesit? ---Dis reg.

En u sê dit was n man wat dit daar geplaas het?--- Dis reg.

En volgens wat mevrou Fogwill vir sy Edele vertel het het sy gesien dat n man daar gekom het, wat sy beskrywe het, en sy het gesê dat hy het na die suidelike einde van daardie afskorting oorgegaan. Is dit reg?---Suidelike..? 20

Die suidelike een is die een naaste aan die stad.-- Dis reg. Hy het van die binneplein se ingang af het hy aangestap gekom.

Maar in watter deel van die afskorting het hy ingegaan, by watter einde die suidelike of die noordelike? Sy het gesê die suidelike, die een naaste aan waar die inspekteur staan.---Dis reg, dis reg.

Die inspekteur staan bo op die trappe.---Dis reg.

Waar mense die treine gaan haal.---Dis reg meneer. 30

En sy het gesê dat dit is waar die man ingegaan het.

Dis waar sy hom gesien het in n half-gebukkende posisie. Is dit reg?---Wel ek weet nie wat mevrou Fogwill gesien het nie, maar wat ek gesien het, hy het van die suidelike rigting af beweeg na die glashokkie toe.

Sy het gesê dat mevrou Rhys en n dogtertjie het op die bank gesit naaste aan die suidelike einde van daardie afskorting?---Dit is net op die bankie aan die anderkant, ja.

En sy het gesê hierdie man het binne n tree gaan staan van waar mevrou Rhys gesit het, is dit reg?---Dis reg. 10

En sy het ook gesê dat dit gelyk het asof die man en mevrou Rhys n gesprek gehad het. Het u dit gesien?---Wel hulle het gepraat, maar ek kon nie gehoor het wat was die gesprek tussen die twee gewees nie.

Maar u het gesien dat hulle n gesprek het?---Dis reg.

Het u die tas duidelik gesien?---Ja meneer.

Toe hy dit neergeplaas het?---Ja.

Watter kleur was dit?---n Bruin tassie.

Hoe groot?---Ongeveer $2\frac{1}{2}$ voet in lengte en omtrant $1\frac{1}{2}$ hoog. 20

En hoe het dit gestaan toe hy dit neergeplaas het? ---Hy het hom regop geplaas.

Waar? U sê daar was n stukkie papier daarop?---Dis reg.

Het u dit gesien?---Ja.

Het u gelees wat...kon u vanwaar u gesit het dit sien?---Toe ek opgestaan het om my bus te gaan haal het ek gekyk wat staan op die nota.

En wat was daar opgeskrywe?---"Ek is binne 10 minute terug."

En dit het hy neergeplaas?---Bo op die tas. 30

Die tas het hy neergeplaas met die nota op?---Dis reg.

Dit was alreeds daarop toe hy dit neergeplaas het?
 --Nee meneer, hy het eers die tas neergeplaas, en toe die
 nota bo-op hom neergesit, by die handvat.

DEUR ASSESSOR HART:

Die woorde op die nota, was dit in Engels of Afri-
 kaans?---Dit was in Afrikaans gewees.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS (VERVOLG):

Was die woorde vasgemaak aan die tas?---Nee, hy het
 net bo-op gelê.

En was dit langs aan die bank, tussen die bank en die 10
 muur?---Nee daar is nie n spasie tussen die muur en die bank
 waar hy die tas geplaas het nie.

Was dit voor die bank dan?---Ekskuus?

Het dit voor die bank gestaan? --Dis reg.

Maar teen die muur?---Teen die muur ja.

Maak u enige verskil tussen n tas en n reiskoffer,
 of is dit dieselfde ding?---Dit was definitief n tas gewees.

Sou u dit as n reiskoffer beskrywe?--Hy kan vir
 daardie doeleintes gebruik word.

Het u ooit daardie beskrywing gebesig?---Van? 20

Van daardie tas wat die man daar neergeplaas het?
 Het u dit ooit beskrywe as n reiskoffer?---Reiskoffer, nee.
 Ek het dit beskryf dat dit n tas is, n groot tas.

Later op die 1ste September toe u n erkenningparade
 bygewoon het het kaptein Scheepers vir u gevra om n man uit
 te wys wat u sê n reiskoffer daar neergeplaas het - is dit
 reg?--Ja meneer.

Was dit die woorde wat u gebruik het toe u n ver-
 klaring aan die polisie gegee het?---n Tas.

U het tas gesê?--Ja, groot tas. 30

En nou u sê die man het die tas neergeplaas, en hy

het n gesprek gehad, of dit het vir u gelyk of hy n gesprek gehad het met mevrou Rhys.--Dis reg.

En wat het hy toe gemaak?---Hy het omgedraai en weer in die rigting gestap as wat hy die stasie binnegkom het.

Onmiddellik?---Ja.

Onmiddellik omgedraai en weggestap.---Dis reg.

Hy het nie eers gesit nie?---Nee meneer.

Is u seker daarvan?---Ja, hy het nie gesit nie.

Dit wil sê dat hy binne die afskorting vir n baie kort tydjie was?---Dis reg. Ja dit was n baie kort tydjie 10
wat hy in die afskorting..

Hy het nie meer gedoen nie as om die tas op die grond te sit.---Dis reg.

n Paar woorde met mevrou Rhys te wissel, en toe om- draai en weggestap. ---Dis reg.

En toe hy weggestap het, het hy op n gewone manier gestap?---Wel hy konnie eintlik baie vinnig beweeg het want daar was baie mense op die tydstop op die stasie gewees.

Hoelank wasdit voor u opgestaan het?--Ekskuus?

Hoelank was dit na hy weggestap het voor u opgestaan 20
het?---Omtrent 12 minute daarna.

Twaalf minute daarna sê u?--Ja van kwart oor af tot omtrent net na 25 oor.

D.w.s. u skat dat hy weggestap het omtrent 25 oor 4?
---Vanwaar het?

Dat hy weggestap het van die afskorting af.--Nee meneer
Wel verduidelik vir my asseblief.---Hy het soos ek
alreeds gesê het, hy het die tas neergeplaas.

Ja?--Die nota op die handvatsel van die tas neergesit.
Met mevrou Rhys n paar woorde gewissel, omgedraai, en wegge- 30
stap, so dit moet wees, seker maar n paar sekondes gewees het

na kwart oor.

Dis dan 10 minute tenminste voor u self opgestaan het?--Dis reg.

u het nog n tien minute daar gesit?---Dis reg.

En gesien wat hy gemaak het?--Dis reg.

En u het vir sy Edele die laaste keer gesê dat hy van daar af weggestap het tot by diehoek..--Dis reg.

..dis die suid-westelike hoek van die binneplein?

---Dis reg.

Voor die dames haarkappersalon.---Dis reg.

10

Dit is in die Suid-westelikehoek, is dit reg?--Dis reg.

En daar het hy bly staan?---Ja.

Met sy rug teen die muur?--Nee hy het met sy sy teen die muur gestaan.

En in watter rigting gekyk?--In die rigting gekyk van platform 5 en 6.

Waar jy was?--Ja dis reg.

Kon u hom sien vanwaar jy gesit het?--Redelik ja, want die mense het natuurlik oor en weer beweeg.

20

Was daar niks tussen julle, nie n muur of n glasmuur of n vertoonkas of enigiets?---Nee. Net die glas was tussen ons gewees.

En niks het jou verhinder om hom te sien?--Nee wel soos ek gesê het die mense het baie heen en weer beweeg daar en ek het omtrent 4 maal na hom gekyk, dan kyk ek vir die tas en dan kyk ek vir hom.

U het hom dopgehou?---Ja.

En u is seker dat hy daar gestaan het van omtrent n bietjie oor kwart oor vier totdat u daarvanaf weg was?--- 30

Dis reg.

DEUR DIE HOF:

Hoe dikwels het hy op sy horlosie gekyk?---Op twee-
keer, Edelagbare.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS (VERVOLG):

Tweekeer?--Ja.

En toe u opgestaan het, u het vir ons vertel dat u
opgestaan het omtrent 26 minute oor 4?--Dis reg.

En toe u opgestaan het het hy nog daar gestaan in die
hoek?---Ek het toe nie weer in sy rigting gekyk, meneer
ek het toe gestap om by daardie glasdeure uit te kom waar 10
ons die bus voor die stasie haal.

Voor u opgestaan het het hy nog daar in die hoek
gestaan?---Toe het hy nog daar gestaan.

- CONTINUED ON PAGE 178 -



Net kort voor jy opgestaan het, het hy nog daar gestaan in die hoek?---Net toe ek opstaan om te loop toe het ek weer gekyk en toe het hy nog daar gestaan, en toe het ek weggeloop.

In watter rigting het u gestap?---Ek het gestap .. ek het na die regterkant beweeg, natuurlik na die...

Na die uitgang deure of na die deel waar die spoorweg...?---...buste staan. Dit is reg, ja.

Is dit waar u gestap het?---Dit is reg, ja.

Dit word op die plan gewys. En u het daarnatoe 10 gestap - onmiddelik?---Ja, Meneer.

Dit is nie baie ver nie?---Nee, dit is nie baie ver nie.

En u het onmiddelik deur die glasdeure geloop? ---Ja, ek het deur die glasdeure geloop en was net min of meer by die ander glasdeure waar jy uitgaan buitekant toe.

O, jy was tussen die twee glasdeure?---Ja. Ek was binne in die wagkamer gewees.

Ja, en toe het die ontploffing plaasgevind?--- Toe het die ontploffing plaasgevind. 20

Voor jy buitekant gekom het?---Ek het net die glasdeur oopgemaak om na buite te beweeg toe het ek dit gehoor.

Dit kon u nie ses minute geneem het, of sewe minute geneem het van daardie bank af tot daardie wagkamer - om soontoe te stap nie, kon dit?---Nee, dit kon nie sewe minute gewees het nie.

Ek wil dit aan jou stel dat dit nie meer as 'n minuut of twee kon wees?---Twee minute, ja. Omtrent twee minute. 30

Op die meeste?---Ja.

Dit is omtrent min of meer 50 treë, van waar jy gesit het tot daardie wagkamer? Sou dit reg wees?---Dit kan min of meer 50 treë wees.

Nou, u sal toegee dat dit nie meer as omtrent twee minute kon neem, op die meeste, is dit reg?---Ja.

Die ontploffing het gebeur om 4.32 of 4.33, ons kan nie seker wees nie?---4.33.

4.33?---Ja.

Het u dit op die horlosie gesien?---Nee, dit was in die koerante gewees. Ek het ongelukkig nie op my horlosie gekyk nie. 10

Nou, as dit 4.33 was, dan beteken dit dat u opgestaan het omtrent 4.31, nie waar nie?---(Geen antwoord).

Meneer Jansen, dit kan nie anders wees nie! U het ons alreeds vertel dit is omtrent 50 treë van waar u gesit tot waar u was toe die ontploffing plaasgevind het. Jy het toegegee dat dit nie meer as twee minute sou neem om daartoe te stap, en die ontploffing was om 4.33 - dit wil sê u moes opgestaan het om 4.31, nie waar nie? Is dit reg?--- (Baie huiwerig). Ek kan nie sê dat dit na half was wat ek opgestaan het nie. Ek weet dit was tussen vyf-en-twintig 20 oor en half wat ek daar opgestaan het.

Maar wat is u antwoord - dit kan nie anders wees nie, Mnr. Jansen! Dit kon u nie meer as twee minute geneem het om daardie distansie te stap! Dit kon nie. Dit erken jy mos?---Ja, ek erken dat dit sou omtrent twee minute se stap wees....

Wel, as die ontploffing om 4.33 plaasgevind het, dat het u ongetwyfeld opgestaan omtrent 31 minute oor vier?

En toe u opgestaan het, toe u besig was om op te staan het hierdie man nog in die hoek gestaan en na hier- 30

die afskorting gekyk?---Dit is reg, Meneer.

En onmiddelik na die ontploffing het u weer teruggegaan na die binneplein?---Dit is reg.

En toe het u vir hom gekyk?---Ja, toe was hy nie meer daar nie.

Maar dit wil sê dat tot omtrent een-en-dertig minute oor vier was daardie man nog binne in die binneplein in die suid-westelike hoek daarvan? En hy het in daardie hoek gestaan, volgens wat u vir ons vertel het, van 'n paar sekondes na vyftien oor vier, is dit reg?---Van daar af, ja. 10

Nou, wat sê u van sy klere, Mnr. Jansen? Watter klere het hy gedra?---Hy het 'n donkerige bruinerige pak klere aangehad, Meneer.

Die laaste keer het u vir sy Edele gesê dit was 'n bruinerige pak klere?---Bruinerige kleur, ja, en donker. Mens kan amper sê donkerbruin - amper 'n maroen - maar wat ek kon gesien het was bruin.

Sê u maroen?---Nee, dit is amper daardie kleur, maar dit was bruin gewees. 'n Donkerige bruin.

U het ook vir sy Edele gesê die vorige keer dat dit nie heeltemal bruin was nie. Wat het u daarby bedoel? Dit is die woorde wat u gebruik het. U het gesê bruinerig, nie heeltemal bruin nie. Ek stel dit aan u dat u daarby bedoel het dat dit 'n ligte kleur was?---Nee, dit was nie lig gewees nie. 20

Wathet u bedoel by die woorde "nie heeltemal bruin nie"?---(Geen antwoord).

Wel, as u dit nie kan antwoord nie, Mnr. Jansen, wat van sy skoene? Watter kleur was sy skoene?---Bruin skoene, Meneer. 30

Bruin skoene?---Ja, Meneer.

Gewone bruin leer?---Hulle het 'n effense knoppetjie gehad - amper soos 'n varkleer.

Maar gewone bruin - die kleur? Ligte bruin?---
Nee, ek sal sê donkerige bruin.

Jy sê hy het alleen 'n baadjie en 'n broek gedra - nie 'n jas nie?---Ekskuus?

Hy het nie 'n jas gedra nie?---Nee, hy het nie 'n jas gedra nie.

En het hy 'n das gedra?---'n Das, ja. 10

Watter kleur?---Ook bruinerig, Meneer.

Het hy brille gedra?---Nee.

'n Hoed?---Nee.

Het hy ligte bruin hare gehad?---Nie baie ligte bruin hare nie.

Watter kleur sou u sê? Mevrouw Fogwill het gesê ligte bruin hare - stem u nie saam nie?---Ligte bruin hare kan 'n mens dit noem.

DEUR DIE HOF: Wat sê jy - kan 'n mens dit noem?---Ja. Dit is sulke bruinerige hare - ligte bruin hare. 20

KRUIS-VERHOOR DEUR MNR. PHILLIPS (Vervolg):

En lees u die koerante, Mnr. Jansen?---Nogal dikwels, ja.

Watter koerante lees u?---Die Vaderland en die Transvaler.

En lees u ook 'n Sondagnuusblad?---Sondagnuusblad - ja, ons koop hom ook, Meneer.

Watter een?---Partykeer koop ek die stem, en partykeer koop ek...

Die Sondagnuus?---Nee, of partykeer koop ek die 30

Engelse koerant.

Die "Sunday Times"?---Dit is reg.

En die "Sunday Express"?---"Sunday Express".

"Sunday Express"?---Ja.

Kan u onthou of u die "Sunday Express" die Sondag, die 26ste Julie gekoop het?---Meneer, nee, ek glo nie. Ek glo nie ons het hom gekoop nie.

Voor u die uitkenningsparade bygewoon het het u ooit in enige koerant 'n foto van die beskuldigde gesien?--- Nee.

10

Daar het 'n groot foto van hom in die "Sunday Express" voorgekom? Het u dit gesien?---Soos ek alreeds gesê het, Meneer, ek kan nie onthou of ek daardie dag die "Sunday Express" gekoop het nie.

Daar was ook 'n foto van hom in die "Sunday Times". Daar was ook 'n foto in die Sondagnuus. Wil u vir die Hof vertel dat u geeneen van daardie gesien het?---Ek het nie spesifiek so opgelet nie, Meneer.

Luister u gedurig na die radio?---Ja, Meneer.

Het u gehoor wat sê hulle in verband met die ontploffing van die bom by die stasie?---Ons het daardie ... of wel, ek weet nie of dit die oggend van die 25ste was nie, of die aand van die 24ste, wat die nuus gekom het dat hulle vermoed, of hulle sê dat die bom was in daardie bruin tas gewees, Meneer.

20

Wanneer het u 'n verklaring aan die polisie gegee?---Dit was die Saterdag, dink ek, Meneer. Die ontploffing het die Vrydag plaasgevind, en die Saterdagoggend het ek. Ek wou die Vrydagaand gegaan het, maar my vrou wou nie dat ek daarheen moes gaan nie.

30

Ek dog jou vrou was op verlof?---Sy was by die huis gewees, Meneer. Sy was nie weg gewees nie.

U was natuurlik baie geïnteresseerd in hierdie ontploffing, want u was teenwoordig?---Ja, ek het nogal... ek was redelik geïnteresseerd gewees.

Het u nie al die nuusblaaie gekoop en gelees?---Daarna: ja, het ek wel.

En daardie aand, die Vrydagaand?---Die Vrydagaand, nee, Meneer.

Die Saterdag?---Ek was te onsteld gewees, en die 10 Saterdag ook nie.

Die Sondag?---Ek het na my skoonouers toe gegaan op Maraisburg.

Die Sondag? Het u ook nie nuusblaaie gekoop nie? ---Die Sondag ook nie. Ek kan nie onthou nie. Soos ek sê ek weet nie of ek daardie dag nuusblaaie gekoop het nie, want ons is weer twaalfuur daardie middag na my skoonouers toe.

Het u nie gehoor op die radio dat hulle gesê het dat 'n man met die naam van John Harris aangehou is, in verband met die ontploffing van die bom?---Daarvan het ek wel 20 gehoor, ja.

Dit was uitgesaai binne 24 uur na die ontploffing, nie waar nie?---Meneer, ek het dit eers daardie aand gehoor, of was dit die volgende oggend? Ek is nie seker nie.

Wel, u het seker gereken dat u die man gesien het wat die bom daar neergeplaas het?---Toe hulle oor die radio sê dat hulle vermoed, of hulle het gesê dit is die bom wat in die tas was, het ek geweet dit was in daardie tas gewees wat daar gestaan het.

Het u nie gaan kyk of gaan uitvind of die foto 30

wat verskyn het, dieselfde is as die man wat u gesien het? Was u nie nuuskierig, ten minste, om te sien, of die fotos dieselfde man wys?

DEUR DIE HOF: Volg hy die vraag? Hoe moet hy weet dat daar 'n foto in die koerant was? As hy nie die koerante gehad het nie.

KRUIS-VERHOOR DEUR MNR. PHILLIPS (Vervolg):

Nou, kan u ons verseker, Mnr. Jansen, dat u nie 'n foto van die beskuldigde...?---Ek het hom nie voorheen gesien in enige koerant nie, Meneer. 10

Weet u dat dit dikwels verskyn het?---Ekskuus?

Weet u dat sy foto dikwels verskyn het?---Nadat ek hier gewees het het ek dit wel dikwels...

Ek praat nie van die laaste paar weke nie?---Verder het ek hom nie gesien nie, Meneer.

Het enige persoon vir u gesê dat die man wat die bom in die stasie geplaas het 'n bruin of bruinerige pak klere gedra het?---Nee, Meneer.

Jy het dit nie gehoor of gelees nie?---Nee, Meneer.

Nou, is dit korrek, Mnr. Jansen, dat by die uitkenningsparade die beskuldigde die enigste persoon was wat 'n bruin pak klere gedra het?---Meneer daar was ander gewees wat ook bruin klere aangehad het. 20

Hoeveel ander?---Ek kan nou nie 'n honderd persent korrek wees nie, maar ek sal skat omtrent vier.

Beskuldigde sal sê dat hy die enigste persoon op die parade was wat 'n bruin pak klere gedra het - ontken u dit?---(Geen antwoord).

Meneer Jansen, wat is u antwoord?---Nee, Meneer, ek dink daar was ander wat ook..... 30

3.

U sê nou u "dink" so. 'n Paar minute gelede het u gesê....?---Ja, daar was ander gewees. Dit was nie net hy wat bruin klere aangehad het nie.

U ontken dat hy... u ontken dan wat ek aan u gestel het? U sê daar was ander wat bruin pakke klere gedra het?---Ja.

Hoeveel, sê u?---Omtrent vier persone.

Alles tesame?---Ja.

* Is dit ook korrek, Mnr. Jansen, dat by die parade het u eers die beskuldigde verby gestap?---Nee, ek was in 10
hoegenaamd nie in raking met hom gewees nie.

Ek praat nou van die parade op die 1ste September? By die parade....?---Ja?

Het u hom eers verby gestap, en toe teruggekom en hom uitgewys?---Dit is reg, Meneer.

Is dit omrede dat u eers 'n bietjie getwyfeld het dat dit die regte persoon is?---Meneer, ja, want daar was drie persone wat min of meer by gebou gewees het, die haarstyl was dieselfde gewees, en ek was nie 'n honderd persent seker gewees nie. Toe het ek eers afgegaan tot op die 20
laaste persoon en het eers goed gedink voordat ek gedoen het wat ek gedoen het.

Was u ooit voor die uitkenningsparade deur enige persoon gevra om 'n foto van die teenwoordige beskuldigde te identifiseer?---Nee, Meneer.

Nooit nie?---Nee.

Wel, ek stel dit aan u, Mnr. Jansen, dat die rede waarom u hom uitgewys het op die 1ste September was dat hy die enigste was wat 'n bruin pak klere gedra het en ook dat u sy foto miskien meer as een keer tevore in die 30

koerante gesien het? Wat sê u daarop?---Meneer, soos ek alreeds vir u gesê het, ek het nie sy foto in die koerant gesien nie, Meneer.

En ek wil dit aan u stel dat die beskuldigde sal sê dat gedurende die tydperk wat u van gepraat het, dit wil sê tussen omtrent 4.15 en 4.30 hy nie op die stasie was nie? ---Dit sal ek nie kan sê nie, want soos ek gesê het, dit is die persoon wat ek gesien het.

Weet u enigiets af van 'n man wat in daardie afskorting was wat 'n donker kleur jas gedra het?---Nee, Meneer. 10

Het jy nie so 'n man gesien nie?---Nee, ek het nie so opgelet nie, Meneer.

Het u 'n man met 'n blou-grys jas daar gesien? ---Ook nie, Meneer.

En wanneer, sê u, het u 'n verklaring gegee?--- Daardie Saterdag, Meneer. Dit sal die 25ste gewees het.

MNR. PHILLIPS: Ek het geen verdere vrae.

MNR. MOODIE: Geen herverhoor.

OP DIE STADIUM VERDAAG DIE HOF TOT OM TWEE-UUR.

BY HERVATTING OM 2.0 NAMIDDAG:

20

ARTHUR ALEXANDER SCHEEPERS (Nog onder eed):

KRUIS-VERHOOR DEUR MNR. PHILLIPS:

Kaptein, net 'n paar vrae in verband met die uitkenningsparade van die eerste September van hierdie jaar. Ek het dit aan die vorige getuie gestel en ek stel dit ook aan u dat volgens wat die beskuldigde my vertel het was hy die enigste persoon op daardie parade wat 'n bruin pak klere gedra het, is dit reg?---Daar was twee met ligte bruin pakke klere, Edelagbare.

En was hy die enigste een met 'n donker bruin 30

pak klere?---Dit is reg, Edelagbare.

Nou, die beskuldigde het my ook vertel, Kaptein, dat in die geval van Mevrouw Fogwill, voor sy die beskuldigde uitgewys het, het sy eers geaarsel, en sy wou u iets vra, maar u het geweier om haar toe te laat?---Edelagbare, sy het afgestap teen die ry persone en op die end teruggekom en voor die beskuldigde gaan staan vir 'n paar oomblikke, en toe het sy omgedraai en wou vir my iets sê maar ek het haar dadelik stilgemaak, en vir haar gesê sy mag nie praat nie.

Is dit ook korrek, Kaptein dat Mnr. Jansen eers 10
verby die beskuldigde gestap het en toe omgedraai het en teruggekom het? En toe eers het hy die beskuldigde uitgewys? ---Dit is korrek, ja.

Soos u vir sy Edele die vorige keer vertel het, in u getuienis, het u vir Mevrouw Fogwill uitgelees - dit verskyn in u getuienis op bladsy 99 en bladsy 100.?---Dit is reg, Edelagbare.

Ek wil dit net vir u lees; U het gesê dat u dit vir haar gestel het: "Mevrou Fogwill, sal u asseblief langs die ry persone wat hier staan op en neer loop en al 20
die persone aandagtig bekyk, en indien die persoon wat u ongeveer 4.28 n.m. op 24 Julie 1964 by die glasafskorting-skuiling by peronne 5 en 6 te Johannesburg Stasie gesien het!"---Dit is reg, Edelagbare.

Dit was natuurlik as gevolg van inligting wat aan u verstrek was?---Dit is korrek, Edele.

Dat sy 'n sekere verklaring gegee het dat sy iemand daar om 4.28 gesien het?---Dit is korrek.

En u het ook aan haar gestel dat die persoon wat sy gesien het na ongeveer een of een en 'n halwe minuut 30

weer geloop het?---Dit is korrek.

En dit was ook as gevolg van die inligting wat aan u gegee is?---Dit is korrek, Edelagbare.

MNR. PHILLIPS: Ek het geen verdere vrae.

MNR. MOODIE: Daar is geen herverhoor.

JOHANNES FREDERICK MATTHYS VAN RENSBURG (Nog onder eed):

KRUIS-VERHOOR DEUR MNR. PHILLIPS:

Hoofkonstabel, u het die vorige keer, toe u by die Hof getuienis afgelê in verband met 'n telefoniese opdrag wat u gekry het op die 24ste Julie van hierdie jaar - 10
onthou u dit?---Reg, Edelagbare.

Nou, dit was in die agtermiddag van die 24ste Julie?---Ja, Edelagbare.

Waar was u toe u daardie telefoniese opdrag ontvang het?---Ek was in die posbevelvoerder se kantoor, op die Johannesburg Stasie, Edelagbare.

Van wie het u daardie opdrag gekry?---Van Majoor Opperman, Edelagbare.

Wat was die inhoud van die opdrag wat hy aan u gegee het?---Hy het aan my gesê dat hy het inligting ontvang dat daar 'n bom op Johannesburg Stasie om 4.30 namiddag sou ontplof. 20

4.30?---Ja, Edelagbare.

Is u seker van daardie tyd?---Ek is seker hy het so gesê.

Wat is Majoor Opperman se amp?---Hy is werksaam in die bevelvoerende offisier se kantoor, Noord Stasie Gebou, Johannesburg, in die personeel afdeling.

Het hy enigiets te doen met die hoof van die Veiligheidsafdeling?---Sover my kennis strek, glo ek nie. 30

Hoe laat was dit toe u hierdie boodskap ontvang het?—Edelagbare, dit was net voor 4.30 n.m. Ek weet nie presies - ek kan nie presies sê hoe laat dit was nie.

Kon dit miskien vyf-en-twintig oor vier gewees het?—Nee, ek twyfel of dit daardie tyd kon gewees het. Dit was in elk geval voor 4.30.

Het u enige metode waardeur u dit kan vasstel? Wat die tyd was?—Edelagbare, die personeel in die kantoor waar ek werk gaan om 4.30 n.m. van diens. Ons was op die punt om van diens te gaan toe ek die oproep ontvang het. 10

Is dit die enigste manier waarop u die tyd probeer vasstel?—Ek is nie baie seker nie, Edelagbare, of ek op my horlosie gekyk het daardie tyd nie. Ek weet dat my horlosie was nie baie betroubaar nie. As ek reg onthou het my horlosie 'n bietjie tyd gewen, maar die personeel was reeds....Die Majoor het aan my gevra of ek genoeg mense om uit te stuur na die stasie, en ek het hom gesê dat die personeel nog nie van diens is nie - die kantoor personeel nog nie van diens is nie - en toe ek die boodskap aan hulle oorgedra het was hulle ook toe net op die punt om van diens te gaan, Edelagbare. 20

Was daar konstabels daar tot u beskikking?—Ja.

Hoeveel was daar?—Daar was ongeveer tien, dertien, daar rond.

Het u hulle almal dadelik uitgestuur?—Ek het hulle bymekaar geroep eers, en toe aan hulle die boodskap oorgedra, Edelagbare, en toe uitgestuur.

Wat was die boodskap wat u aan hulle oorgedra het?—Ek het aan hulle gesê dat daar... ek 'n oproep ontvang het dat daar 'n bom op Johannesburg Stasie om 4.30 n.m. sal 30

ontploff, en dat hulle moet dadelik uitgaan na die stasie en kyk vir enige verdagte persoon of verdagte voorwerp.

Het die majoor enige spesifieke deel van die stasie genoem?---Nee, Edelagbare. Ek het gesê hulle moet deur die hele stasie gaan. Selfs nog agterna gegaan en vir twee gesê hulle moet aan die voorkant van die stasie gaan kyk. Dit het my bygeval dat ek hulle nie gesê het om soontoe te gaan nie.

U het vir ons vertel dat net voor u self uit die kantoor uitgegaan het, het u weer 'n dringende boodskap ontvang?---Dit is reg, Edelagbare.

Waarvandaan het dit gekom?---'n Klagtekantoor konstabel, Konstabel Jennings, het my gesê dat Majoor Brits met my baie dringend oor die telefoon wil praat.

Het u met hom gepraat?---Ek het gegaan na die klagtekantoor toe.

Ja?---Hy het aan my gevra of ek 'n boodskap ontvang het dat daar 'n bom op die stasie sou ontplof. Ek het toe vir hom gesê ek het die boodskap ontvang, en net toe ek dit sê toe het die bom ontplof, Edelagbare. 20

Is dit al wat Majoor Brits vir u gesê het?--- Dit is al.

Geen besonderhede nie?---Nee, Edelagbare.

MNR. PHILLIPS: Ek het geen verdere vrae.

mNR. MOODIE: Ek het geen herverhoor.

MR. MASTERS: May the witnesses who have now been cross-examined be excused?

BY THE COURT: Yes. Are there no further witnesses to be Cross-examined?

MR. PHILIPS: My lord, there was one other witness in regard to whom I mentioned the name to my learned friend. But it will be unnecessary for this witness to return to the witnessbox for the reason I am about to state to your lordship. The only part of this witness' evidence that is challenged by the defence, I am speaking now about Lieutenant van der Merwe, is the evidence that he gave in relation to an alleged attempt to escape and an alleged fight that he says took place then between himself and the accused, on the seventh floor of the Grays Building, on the Saturday morning. Now this is challenged by the defence. The accused did sustain injuries, but he says he did not sustain them in that way. He says he was assaulted. But that is not an issue in the case before your lordship. I have consequently taken it upon myself to advise the accused that time would unnecessarily be taken up in hearing evidence and obtaining a decision on something which is not part of the case before your lordship. I am merely making this statement in order that it should not be assumed that that evidence is accepted. 10 20

BY THE COURT (to Mr. Philips)

Then you do not wish to cross-examine this witness?

---No my lord.

THE STATE CALLS:

JOHANNES JACOBUS FICKTER, b.v.

Ek is n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie,

gestasioneer te Afdelingshoofkwartier, Johannesburg.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

Op die 24ste Julie, hoelaat was dit geweest?--Net na half-ses in die namiddag, u Edele.

Het u n rapport ontvang, en waarheen is u toe?---Na.. met luit. van der Merwe na die Johannesburgse Spoorwegstasie.

Wat het u daar gesien?---Ek het daar n samedromming van mense opgemerk, u Edele, en ook polisiebeampies. Van wat ek daar gesien het, u Edele, was dit vir my duidelik dat daar n ontploffing plaasgevind het. Ek en luit. van 10 der Merwe is daar weg, en nadat ons sekere navrae gedoen het, het ons reëlings getref vir die arrestasie van die beskuldigde.

Die is gedoen?--Dit is gedoen, u Edele.

En wanneer het u vir die beskuldigde gesprek?---Op die oggend van die 25ste, om ongeveer 8 v.m.

Ja?---Het ek en luit. van der Merwe en adjudant-offisier Erasmus die beskuldigde gesprek. As gevolg van inligting wat die beskuldigde verstrek het, het ons na Oxfordweg, Forest Town gegaan. In Oxfordweg het die be- 20 skuldigde ons beduie hoe om te ry, en n huis aan ons uitgewys, die huis 33 Oxfordweg, Forest Town.

Ja?---Aan die Noordekant van die huis het ons n kelder gevind, as gevolg van inligting wat die beskuldigde verstrek het. Die kelder is deur luit. van der Merwe oopgesluit met n sleutel wat hy in my teenwoordigheid van mnr. Swersky ontvang het, n persoon wat ons in die huis gekry het. Ons het die kelder deursoek. Niks gevind nie, en luit. van der Merwe het toe weggestap in die rigting van waar die voertuig gestaan het waar die beskuldigde in was. Hy het na 30 n rukkie teruggekom, n rapport gemaak, waarop ons toe vier

tasse wat net by die ingang van die kelder gestaan het, ons aandag op toegespits het. Die eerste tas was deur luit. van Rensburg oopgemaak, die tweede tas deur myself. Die eerste tas deur my, die tweede tas deur luit. van der Merwe...luit. van Rensburg, en die derde tas het ek oopgemaak en binnekant n klein tassie gevind. Ek het die een knip van die tassie oopgemaak, toe ek die ander knippe oopmaak, u Edele, het ek n ligte skok in my hand gevoel, en toe besluit dat ek n inspekteur van ploffbare stowwe sou kry. Mnr. Cruywagen is verbied, hy is inspekteur " 10 van ontplofbare stowwe. Hy het gekom en die ander tasse oopgemaak, met behulp van majoor Britz van die S.A. Spoorwêre en Hawens polisie is n lys opgestel van die inhoud van die verskillende tasse. Speur-adjudant-offisier van Rensburg van die plaaslike vingerafdruk kantoor, Johannesburg, was ock teenwoordig, en het artikels ondersoek vir vingerafdrukke. Ek het aan hom oorhandig een Zobo sakhorlosie, Bew. 13(k) asook n tas met n plastiese sak daarin bevattende boeke en dokumente. Dié het adjudant-offisier van Rensburg met hom geneem vir verdere ondersoek. Op die 20 29ste Julie het ek en Luit. van der Merwe na die vingerafdruk kantoor gegaan, waar ons die tas met die plastiese sak en dokumente gehaal het, en adj.-offisier van Rensburg het aan my n rapport gemaak ten opsigte van die horlosie, en n koevert en n papier wat hy agterweë gehou het. Bymy kantoor het ek n lys opgestel van die inhoud van hierdie plastiese sak, u Edele, Bewysstuk D.2(a). Die plastiese sak het die volgende bevat, u Edele: 9 fotos van elektriese kragpole en torings (bew. H.8). Twee stroke foto negatiewe, Bewysstuk H.9; 30

DEUR DIE HOF:

Wat is op die negatiewe?---Dit is ook kragtorings.
Een boek "Statistics of Education, 1962 Part 1" en binne in
die boek, u Edele, die boek is uitgesny in die binneste, en
binne-in is n boekie "Field Engineering and Mine Warfare",
Bew. H.10. Nog n boek "Statistics of Education"...

Waar word die boek uitgegee?--Ek weet nie, u Edele.
Onder aan die tweede een van dieselfde een staan "Her Majes-
ty's Stationery Office." Volgens die binne blad, is dit
die "Ministry of Education, London, Her Majesty's Stationery
Office, 1963." Dit is die eerste een, hierdie "Statistics 10
of Education."

Ja maar die boek oor die bomme die is nie ?---Nee.
Die tweede boek, u Edele, "Statistics of Education 1962 Part
II" en binne in die boek, op dieselfde manier as die eerste
een ingesit n boekie "Layout of Field engineering and Mine
warfare pamphlets" Bew. H.11. Twee fotostatiese afdrucke
van Brook en Westwater of the 19th May 1955, Bew. H 12 en H.
13. Een boek "Monthly Digest of Statistics No. 217" en
binne in die boek, dieselfde as in die eerste twee gevalle
n boekie ingesit "Field Engineering and Mine Warfare" die- 20
selfde boek.

Is dit dieselfde ingesit?---Dieselfde ingesit, H.14.
Een boek "Technical Manual" en 37 fotos en fotostatiese af-
drucke daarin, Bew. H.15. Een notaboek met syfers en ander
geskrifte in, Bew. H.16. Een "Handboek of Blasting Explo-
sives" Bew. H. 17. Een getikte vel papier, wat soos volg
lees "We know that our requests are reasonable and moderate.
..(continues quoting)...The decision is now yours." Bewysstuk
H.4. Nog n getikte geskrif, u Edele, Bo aan "Our Reference"
Hierdie sal wees Bewysstuk "H.3." "Dr. Verwoerd..(Continues

quoting Exh. H.3 out to the Court."...solitary confinement."

Dan is daar n plek wat doodgetrek is. "Every day a thousand South Africans....(continues quoting)...You have the power to do these things." Dan is daar een vel papier met rooi daarop geskryf. Boaan die datum 24-7-1964: dan in die vorm van Opskrifte bo-aan: "Place" dan die tweede een "D.E.T." dit mag n afkorting wees. Dan derdens "Plant" en die vierde een "By". Die eerste lyn is blykbaar n afkorting, "Gar". Onder "D.E.T." is "4.30 p.m." Onder "Plant" "Plus minus 4 p.m." onder "BY" "D". Dan, blykbaar n 10 afkortint "Sta." (getuie Lees res van Bew. H.7 uit aan die Hof). Bew. H.6 is n stuk papier met rooi daarop geskryf: Bo-aan die datum, "24-7-1964" (kwoteer H.6 en lees dit uit aan die Hof)..cord." Een stuk skoon papier met niks daarop nie, Bew. H.18. Een stuk papier met die woord "Keys" daarop en n klomp adresse H.19. Een stuk papier met "Names of Shops" Bew. H.20. Vier stukkies notapapier met geskrif daarop, Bew. H.21. Een kaartjie van Map Centre met geskrif daarop, Bew. H.22. Nog n kaartjie met geskrif agterop, Bew. H.23. Een plastiese houer met 20 koerant uitknipsels, Edele, Bew. H.24. Nog n plastiese houer met koerant uitknipsels, Bew. H.25. Een stuk papier met rooi geskrif daarop, Bew. H.5. (Lees uit aan Hof). Twee skryfblok velle papier met geskrif daarop, Bew. H.26. Twee stukke blou papier met tekeninge daarop, Bew. H.27. Een paar Handskoene wat vuil is, Bew. 18 B1. Een klein papiersak met 35 boude en 74 moere, een boud los, Bew. 18(b)2. Een boek "Digest of Statistics" met n boekie binnekant "Royal Engineer's supplementary Pocketbook, Demolitions, 1946". En een boek "Proceedings of the Institution of Civil Engineers" Bew. H.29. Die lys wat ek gemaak het is Bew. D. 2(a). 31

Op die 30ste van Julie, u Edele, het ek die twee getikte geskifte en die drie velle papier met die rooi daarop geskryf oorhandig aan speurder sersant du Preez, ondersoeker van betwiste dokumente van die Kriminele Buro, Pretoria, en op die 19de Augustus het ek die boeke oorhandig aan mnr. Cruywagen, Inspekteur van ontplofbare stowwe vir ondersoek en n verslag.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS:

Geen vrae.

10

CLARENCE JOHN VAN GENT, b.v.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

U is n speurdersersant in die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie, Johannesburg?--Ek is.

Was dit die 7de Augustus gewees?--Op die 7de Augustus hierdie jaar het ek die vingerafdrukke van beskuldigde geneem en dit op dieselfde datum aan speurder adjudant offisier van Rensburg van die plaaslike vingerafdruk kantoor Johannesburg, oorhandig. Dit is geneem op vorm S.A.P.

76 gemerk M.1.

20

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS:

Geen vrae.

JAN ABRAHAM LOUBSCHER VAN RENSBURG, b.v.

Ek is speurder-adjudant-offisier en vingerafdrukdeskundige gestasioneer te die plaaslike vingerafdruk kantoor, Johannesburg. Op die 25ste van die sewende maand hierdie jaar het ek na n perseel by nr. 33 Oxfordweg, Forest Town gegaan om ondersoek in te stel na vingerafdrukke.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE:

En wie het u daar aangetref?---Ek het o.a. luit. Fikter en majoor Britz daar aangetref.

Gaan aan?---Ek het verskeie artikels vir vingerafdrukke ondersoek, o.a. Zobo sakhorlosie .

Is dit die horlosie nou voor die Hof?---Dit is die horlosie voor die Hof.

Wat is die bewysstuk nommer?---Bew. 18(k).

Gaan aan.---Ek het op die Bewysstuk identifiseerbaar vingerafdrukke gekry wat gefotografeer was, en op die 11de van die 9de maand hierdie jaar het ek die horlosie aan luit. Fikter weer oorhandig. 10

Gaan aan.--Op die 7de van die 8ste maand hierdie jaar het ek n stel vingerafdrukke ontvang van speurder sersant van Gent.

Is dit die Bewysstuk nou voor die Hof M.1?---Dit is Reg. Ek handig ook nou n Hofkaart in, Bew. M.2. No. 1 op Bew. M.2 is n fotografiese vergroting van die afdruk wat verskyn op die horlosie Bew. 18(k). No.2 op Bew. M.2 is n fotografiese vergroting van die linker middel vinger soos verskyn op Bew. M.1. Ek het Nr. 1 en 2 vergelyk, en identies gevind. Ek het 12 punte van identiteit uitgemerk, en 7 is genoegsaam om identiteit bo enige twyfel te bewys. 20

Wat is die gevolgtrekking, dat die vingerafdruk wat gevind is op die horlosie Bew. 18(k) is wat?--Is identies met die vingerafdruk wat verskyn op Bew. M.1.

Wil dit sê dat dit deur dieselfde persoon gemaak is? ---Dit is reg.

Hoelank ondervinding het u as vingerafdruk deskundige? ---Ongeveer 10 jaar. 30

En is die proses wat u gebruik het om uit te vind,

is dit n proses wat vaardigheid in vingerafdrukke vereis?

---Dis reg.

MNR. MOODIE: Geen verdere vrae.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PHILIPS:

Geen vrae.

PETRUS JOHANNES DU PREEZ, b.v.

VERHOOR DEUR MNR. REES:

U is n speurdersersant in die Suid-Afrikaanse
Polisie?---Dis reg, Edele.

Aan welke afdeling is u verbonde?---Gestasioneer by 10
die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro, Pretoria, waar ek werk-
saam is as n ondersoeker van betwiste dokumente en hand-
skrif, waaronder ook ingesluit is die ondersoek en identi-
fisering van tikmasjiene. Ek gee getuënis in die hoër en
laer houe van die Republiek Suid-Afrika, Suid-Wes Afrika en
aangrensende gebiede vir die afgelope 10 jaar. Gedurende
daardie tydperk het ek ook noukeurige studie en navorsing
gedoen op die gebied van betwiste dokumente. Op die 30ste
Julie 1964 het ek sekere dokumente ontvang van luit.
Fickter. Ek het ontvang Bew. H. 3 en H.4, twee getikte 20
dokumente...

DEUR DIE HOF: Is dit die beroep op Dr. Verwoerd?---Dit is
daardie beroep, Edele. Ek het ook ontvang Bew. H.5, H.6
en H.7 en dan het ek H. 1 en H2 op dieselfde datum ontvang
van Majoor Botha van die Spoorwegpolisie, majoor Britz, verskoon.

Is dit die dokumente wat in die beskuldigde se kar gevind
is?---MNR. REES: Ja Edele, die eerste twee is dié waarvan
mnr. Dircker reeds getuig het.

GETUIE: En n sakboek, gemerk Bew. 14c het ek ook van majoor

Britz van die Spoorweg Polisie ontvang, met die naam van ene John Harris en adres voor in die sakboekie aangeteken.

Is daar nog in die boekie nog steeds die persoonskaart?--En die persoonskaart van die beskuldigde. Ek het al hierdie dokumente baie noukeurig ondersoek, en vergelykings getref, en ek het vasgestel dat die skrywer van die sakboekie verantwoordelik is vir al die skrif op Bew. H.1, H2, H5, 6 en 7 en ook veranderings wat aangebring was op ..by die dikskrif op Bew. H.3.

Bedoel u die veranderings in handskrif?--In skrif. 10

Sal u begin met die eerste dokument wat u daar het, noem die Bewysstuk nommer en dan sê u vir die Hof waarom u sê dat dit deur dieselfde persoon geskryf is as die persoon wat in die sakboek geskryf het.---Net voor dit sal ek fotografiese afdrucke inhandig vir die Hof om aan te toon die punte van ooreenstemming. Ek sal net in kort beskryf - op die eerste bladsy die boonste gedeelte is n afskrif van Bew. H.7, die tweede gedeelte by die naam..by die datum 24-7-64 is n afskrif van Bew. H.6 en die onderste gedeelte (a) and (b) duplicators is n afskrif van Bew. H.5. Op die 20 tweede bladsy kom voor n afskrif van Bew. H.3 soos dit op beide kante voorkom, die derde bladsy is n afskrif van Bew. H. 1 skrif, die onderste gedeelte, die tik skrif en die dik? skrif daarop van Bew. H.3. Die volgende 2 bladsye is afskrifte geneem uit verskillende bladsye van Bew. 14(c) die sakboekie. Ten tye van my ondersoek het ek aantekeninge gemaak, waarna ek sal verwys deur die loop van my getuienis. Ek beskryf punt no. 1, dit is die hoofletter ...

Voordat u daar aangaan, Edelaagbaer mag die bewysstukke net nommers gegee word. Dit sal wees N.1. Gaan maar aan. 30

--Punt Nr. 1 wat ek beskryf word die hoofletter G nie in lopende skrif uitgevoer nie, maar wel in drukskrif.

Waar is dit?---Op bl. 1 sal u vind die woord, afkorting van 'Garage.' "Gar." Op verskillende plekke. Op bl. 3 is die woord "Gloves" en dan op die monster skrif die tweede bl. heel onder links "S.A. Games." Daar is geen aanvangstreep by die hoofletter "G" teenwoordig nie. Die skrywer begin aan die bokant, regs, en beweegs dan links om om net bo die basiese lyn te eindig met die eerste gedeelte slegs in die vorm van 'n hoofletter G. Daarna word 'n kort horisontale streep net bo die finale gedeelte van die C gedeelte aangelas. Dit voltooi dan die hoofletter G. Punt nr. 2: die kleinletter "r" word baie klein gevorm, en begin sonder enige aanvangstreep... 10

Sal u net aandui waar hy te vinde is?---Op bl. 1, ook in die woord "garage". Op die tweede bladsy half in die middel staan die bedrag van R40 en net onder dit lyk na die woord Dar en heel onder links D (other). En dan op die monsterskrif links onder "Greathead" daar is die kleinletter "r". Daar is die kleinletter "r" - dit is sommige van die, 20 daar is natuurlik verskeies op dieselfde bladsy.

Gaan aan.--Die kleinletter "r" word dan baie klein gevorm, sonder enige aanvangstreep, met die eerste gedeelte van die afwaartse beweging wat baie kort is, daarna beweeg die skrywer skuins na regs om dan met 'n effens horisontale beweging na regs te eindig. Punt nr. 3 op die eerste bladsy staan die afkorting "D.e.t." Wat ek beskrywe daar is die kombinasie "et". Op bl. 2 is die woord "setting". Op die monsterskrif die eerste bladsy die woord "Beattie" die at verbinding daar. In die kombinasie van die letters "et" 30 is daar 'n boogvormige verbinding na die letter "t" aan die

bokant, waar die verbindingsstreep en die afwaartse streep van die "t" mekaar ontmoet is ongeveer die middelpunt, en dit is ook die gedeelte waar die kruising van die "t" gevorm word. Punt nr. 4 is die Hoofletter "P" op bl. 1 in die woord "Plant". En in die monster skrif op die tweede bladsy in die naam reg bo Paton. Verder af Peter en so meer. Die Hoofletter "P" word ook in 'n drukletter tipe gevorm, en word in twee bewegings uitgevoer. In die laaste beweging van die sirkel gedeelte beweeg die skrywer skuins na links onder. Punt nr. 5 is die kleinletter "l" bl. 1 in die woord "plant" 10 en in die monsterskrif daar is heelwat van hulle, die woord "Byleveldt" regs bo en so meer. In die woord "plant in die betwiste dokument" en die woord "Byleveldt" in die Belt 25. monsterskrif word die kleinletter "l" in slegs 'n afwaartse beweging gevorm, en staan sodoende geheel en al los van enige van die ander letters met die spasiëring ongeveer dieselfde. Punt nr. 6 is die hoofletter "B". Op bl. 1 in die woord "by" - daar is ook verskeie van hulle, op bl. 3 die woord "bands" amper heel onder en dan ook in die monsterskrif weer verskeie. Die hoofletter "B" word ook in 20 2 bewegings uitgevoer met eers die afstreep wat gevorm word en daarna word die sirkel gedeelte gevorm met 'n klein hakkie aan die begin punt net sodra die skryfinstrument in aanraking kom met die papier. Punt Nr. 7 is die kleinletter "y" ook in die woord "by" op die eerste bladsy. Daar is ook verskeie op daardie selfde bladsy, en in die monsterskrif die eerste bl. Dr. Solly ek dink - die woord..die "Y" daar is ook baie duidelik soos in die betwiste gedeelte. Die eerste gedeelte van die kleinletter "y" word feitlik slegs 'n reguit lyn voorgestel of is effens boogvormig en 30

nie behoorlik voltooi nie. En dan ook op dieselfde bladsy die tweede gedeelte wat n redelike boog vorm en groter in verhouding staan met die ander letters. Punt nr. 9 is die hoofletter "S" - op die eerste bladsy "Station" die afkorting daar, die "S". Daar is ook verskeie op dieselfde bladsy. Bl. 2 ongeveer in die middel is daar aan die regterkant vier, vyf ondermekaar, ook op bl. 3 en dan in die monsterskrif op die 2de bladsy ook n paar.

Om dan tyd te bespaar sal u net verwys na die eerste bladsy en die Hof sê of al die punte van vergelyking 10 met gelykwaardige nommers deurgaans aangedui is?---Ja.

DEUR DIE HOF:

En ~~is~~ het u, tot 24?---Tot 28 Edele. Die ander vier punte is op die derde bladsy waar die tikskrif voorkom wat n afskrif is van Bew. H.3, die woord "the" by "they are". Verder af op twee plekke kom voor "they are", daardie skrif. Dit is dan die hele woord wat daar beskryf word. Dit kom voor in die monsterskrif soveel as in die betwiste gedeeltes.

VERHOOR DEUR MNR. REES (VERVOLG):

20

Sal u dan net voortaan na die eerste bladsy verwys, die Hof kan sien - dui net aan wat die punte van vergelyking is.--Punt nr. 9 is die Hoofletter S wat beskryf is. Punt 10 is die kleinletter "s" en daar is twee tipes kleinletter "s" wat gebruik word. Punt 10 is een van die waar dit net soos die Hoofletter "D" gevorm word aan die einde van n woord, en waar die vorm en konstruksie dieselfde is as die Hoofletter S. Punt 11 is die kleinletter "a" dit kom op bl. 1 voor sowel as in die monsterskrif, en hier is ook die vorm en konstruksie dieselfde. Dit word baie klein gevorm in verhouding met die 30 ander letters, en nadat die sirkel gedeelte voltooi is beweeg

die skrywer na regs om sodoende die verbindingstreep met die volgende letter te voltooi.

Voor u aangaan na die volgende punt, hoeveel punte van ooreenstemming is vir u nodig om u te oortuig dat die geskrif deur dieselfde persoon geskryf is?---Edelagbare, elke saak op handskrif word op eie meriete behandel. Dit hang af van omstandighede, en in hierdie geval het ek 28 punte as meer as voldoende gevind om die skrywer se identiteit te bewys. Ek sal nie sê dat daar n hoeveelheid nodig is nie, maar in hierdie besondere skrif van hierdie skrywer 10 wat baie kenmerkend is, n kenmerkende tipe skrif, sal ek die helfte toegee om te sê dat dit sou al die skrywer se identiteit kon bewys.

Sal u dan nog net twee doen, dan volstaan ons by 14.--Ek sal punt nr. 12 beskryf, die kleinletter "d" wat gevorm word sonder enige aanvangstreep. Die skrywer begin aan die bokant en beweeg dan links om vir die sirkelgedeelte. Met die afwaartse beweging swaai die skrywer na regs net voor die aanvang van die sirkel en eindig skuins na onder. Punt nr. 13 is die kleinletter "k" in die woord "clock" 20 op die eerste bladsy, vierde reël van onder af, regs, vyfde reël altans. Die vorm en konstruksie van die kleinletter "k" met n redelike lang afwaartse beweging, vanaf die voet van die afstreep is die beweging direk na regs met n hoek van ongeveer 30 grade, waarna die instrument opgetel word voordat die finale kort strepie bygevoeg word. M.a.w. ook in twee bewegings wat die kleinletter "k" uitgevoer word. Punt nr. 14 is die kleinletter "p" "separate" in die reël voor "clock", daar kom die letter "p" voor in die middel van n woord. In die meeste galle word die kleinletter "p" 30 voorafgegaan deur n verbindingstreep tot aan die bokant.

Daarna word die afwaartse lyn gevorm met n lis aan die onderste gedeelte wanneer die skrywer opwaarts beweeg om die sirkel-gedeelte te voltooi.

Sal u dan die tikskrif wat u vergelyk het verduidelik? U het n hofkaart vir die hof berei- die Hofkaart sal wees Bew. N.2. ---Bew.N. 2, aan die linkerkant kom voor monster-tikskrif wat deur my persoonlik geneem is op Olivetti tikmasjien 089153, Bew. Nr. 14(b) wat oorhandig was aan my op die 30ste Julie 1964/speurder adjutant offisier Dircker.

DEUR DIE HOF: Is dit wat by die beskuldigde se huis gevind is?--Ja Edelagbare. In hierdie geval, Edelagbare, het ek 13 punte van ooreenstemming wat ek kortliks sal beskryf gevind. In die eerste gedeelte waar die kleinletter "w" op die monsterskrif sowel as op die betwiste tikskrif bo die basiese lyn slaan. 10

VERHOOR DEUR MNR. REES (VERVOLG):

Voordat u verder gaan, hoeveel punte van ooreenstemming vind u dit nodig om te vind voordat u oortuig sal wees? --Edelagbare, n tikmasjien is ook na die meriete van die saak. Hierdie 13 punte wat ek hier aantoon is kenmerken- 20 de tik eienskappe wat na my mening meer as voldoende is om die identiteit van die tikskrif vas te stel. Punt nr. 2 slaan die kleinletter "A" bo die basiese lyn. Punt nr. 3 die kleinletter "v" slaan bo die basiese lyn. Punt 4 die kleinletter "e" slaan bo die basiese lyn. By punt nr. 5 is die kleinletter "s" wat toemaak aan die bokant. Wat daar bedoel word is vuiligheid wat nog in die tikmasjien voorkom. By punt nr. 6 slaan die kleinletter "w" lig aan die linkerkant.

Kleinletter "w" of hoofletter "W"?--Ekskuus, die Hoofletter "W" slaan lig aan die linkerkant. Punt nr. 6..7, is 30

die helling van die kleinletter "r" wat na regs slaan.

Punt nr. 8 slaan die kleinletter "u" na links.

DEUR DIE HOF: En hy raak aan die "r" ---En hy raak ook aan die "r" in beide gevalle Edele. Punt nr. 9 is die hoofletter "G" wat lig slaan aan die onderkant links onder. Punt nr. 10 is die spasiëring tussen die kleinletters "e" en "r". Punt nr. 11 by "white" daar raak die Hoofletter "W" en die bokant van die klein letter "h" mekaar, die bopunt. Punt nr. 12 net onder is die spasiëring tussen die kleinletters "u" en "t". Punt nr. 13 is die onderste sirkelvormige gedeelte van die kleinletter "a" wat toe is, dieselfde, die vuiligheid in die letter "a" - die letters op die tikmasjien was deur my persoonlik ondersoek, en die vuiligheid is nog te bespeur in daardie gedeeltes. Die bewiste tikskrif is geneem van Bew. H.3. en Bewysstuk "H.4."

MNR. REES: Geen verdere vrae.

MR. PHILIPS REQUESTS THAT THE CROSS-EXAMINATION STAND OVER UNTIL THE FOLLOWING DAY.

MR. REES HAS NO OBJECTION.

CONTINUED ON PAGE 206.